Vd 425
PP 24 824 – 24 884.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

K1.2 VOL. 425. PG 24824-24884

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-08-01

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - - - -

VOLUME 425

(Bladsye 24 824 tot 24 884 )

THE COURT RESUMES ON 1 AUGUST 1988

MR BIZOS: Your lordship will recall that at the adjournment your lordships were shown EXHIBIT AAS.17 which were admissions made by the state in relation to certain publications. Now the document has been signed but there are four queries which we must bring to your lordships' attention. The state is not prepared to admit that without your lordships's blessing for lack of a better word in that regard and those matters appear, your lordship will see, at the bottom of page 5, that it has been signed as an admission. But it is on page 6 where the queries appear. Now may I just draw your lordship's attention to the first query. This EXHIBIT DA.17 was a newspaper cutting from City Press which was handed in and in fact it was identified by Mr Molefe in evidence, who said that this is what he said. But the document actually handed in in that format could not be found in the state library but what was found was the full page of that report which I want to ensure your lordship is identical in content but the lay-out is different. The article appears at the bottom left-hand corner and we did make a copy of the full page.

COURT: But was there only one edition on that day?

MR BIZOS: There are regional editions and apparently we are informed and we can call the librarian if need be that the different regions do their own lay-out.

COURT: Yes?

MR BIZOS: Now the state did not want to admit that copy but we submit with respect that once the contents was identified by Mr Molefe in evidence and once we have given your lordship an assurance that we did get that full page from the library of the newspaper and it is merely the

lay-out that is different.

MNR JACOBS: Miskien kan ek mnr Bizos se betoog korter sny. Die staat is bereid om die erkennings te maak. Ek het dit vir mej Nichols gesê dat daar identiese artikels verskyn het in ander koerante as dié wat werklik voor die hof geplaas was. Dit sal ons kan die erkenning maak, maar ek het gevoel dat die hof moes geweet het dat, ten minste, dit is nie die stuk wat in die hof vertoon was nie en dat ons die hof moet ken daarop. Dit is nie 'n kwessie van heeltemal 'n ontkenning dat dit nie so is nie. As dit my geleerde vriend sal help dit is die erkenning wat die hof sal maak dat die gevalle waar..

HOF: Kan ons die dokument wat nou voor ons geplaas is 'n bewysstuknommer gee dan?

MNR JACOBS: Ek het nie beswaar daarteen nie.

HOF: Kan dit dan nie maar word DA.17A nie?

MNR JACOBS: Dit sal miskien van pas wees, edele.

MR BIZOS: We appreciate the co-operation and we would accept it on that basis.

HOF: Die dokument dan met opskrif City Press December 23, 1984, word DA.17A.

MR BIZOS: M'lord..

COURT: Just a moment mr Bizos, let me just write it in.

MR BIZOS: Sorry.

HOF: Mnr Jacobs, kan hierdie dokument deurgaan as 'n oorspronklike wat die hof betref?

MNR JACOBS: Ek sal nie beswaar daarteen maak ook nie.

HOF: Dankie. Yes?

MR BIZOS: The next one is DA.32. Again we could not find the precise publication in The Star of 12/12/84 but this

is / ..

is a document headed "NP says time may be right for ANC talks".

COURT: Yes, but it is in all respects identical to the previous article?

MR BIZOS: Not identical. A couple of paragraphs have been left out and again because of different editions it is the same date but different editions shuffle the content so if need be we can lead evidence on that but we have the shorter version, the shorter version that was published and was shown, I am instructed, to Mr Erasmus and we would be happy to work on the shorter version.

HOF: Wat is u houding oor daardie een?

MNR JACOBS: Ek sit met dit, dit lewer bietjie 'n probleem. Daardie eerste een wat ingehandig was kan ons dan nie erken dat dit verskyn het nie maar dan ten minste sal ek erken dat hierdie artikel het verskyn oor daardie tydperk.

COURT: Yes, Mr Bizos?

MR BIZOS: Does your lordship want the amended copy?

COURT: Yes, because DA.32 will not be admissible in evidence as it is not admitted.

MR BIZOS: As your lordship pleases. We could call that DA.32A and we will..

HOF: Ja, is dit in orde?

MNR JACOBS: Ja, edele.

COURT: But now still we do not have a date on this excerpt?

MR BIZOS: It is the same date.

COURT: The date is 12/12?

MR BIZOS: 12/12.

COURT: Yes, DA.32A will then be what I am informed is a page from The Star of 12 December 1984. The article in

question / ..

question is headed "Paper calls for Government/ANC talks".

MR BIZOS: A similar situation is in relation to item 3 on page 6. It is also of the same date of the Rand Daily Mail of 27/09/83, that was in relation to Mr Mtanzima's utterances about blacks having their own house. Again the one handed in was from a different edition and it is again shorter than the one that has been handed in and we would be happy to operate, to make our submissions in relation to that and if your lordship would receive it as DA.91A.

HOF: Wat is u houding oor dié dokument?

MNR JACOBS: Ek sal ook die erkenning maak dat 'n artikel soos wat hier is in hierdie dokument het verskyn op daardie datum in daardie koerant.

HOF: Die Rand Daily Mail van 27 September 1983.

MNR JACOBS: Is dit die datum?

HOF: Dit is wat beweer word die datum te wees.

MR BIZOS: Yes, may I just correct myself in relation to this that the original exhibit handed in, BA.91, was said to be from The Citizen. The reason why that mistake was made that we misread the note Cit. to go into the Citizenship File as a Citizen newspaper and that is why a lot of trouble - we had to look at all the newspapers in order to find the cutting that was not in The Citizen but in the Rand Daily Mail. The classification of the cutting..

COURT: What does this prove? That is that one should always produce the original.

MR BIZOS: Absolutely yes, but I must say that we have had over a hundred and one mistake is not a bad record, m'lord although we must be accurate in all respects. It meant that Miss Hetta Nichols really had to go and look at all the

newspapers/..

newspapers in order to find the article.

COURT: Yes, EXHIBIT DA.91A will then be what I am told is The Rand Daily Mail of 27 September 1983, and article in it headed: "Let's have our own house - Mtanzima".

MR BIZOS: As your lordship pleases. Finally we do believe that as far as the fourth query is concerned that there should not be any difficulty because your lordship actually specifically authorised on page 23 824 when Mr Chen was giving evidence - your lordship will recall that that was the newspaperman from the Cape Times and he produced the Cape Times report and he was asked whether his report was taken up by other newspapers and he explained to your lordship about SAPA and how they work. Your lordship will recall that. Then your lordship was told by me - I may say that there are discussions between the state and us which we hope will be finalised over the long week-end in relation to admissions about this sort of thing - and your lordship said yes, as long as you do not hand in the newspapers. You can just make a list of the newspapers in which the story appeared.

COURT: Yes.

MR BIZOS: Now we showed those to our learned friends at the time, in the Cape Times, The Star - well, the Cape Times was handed in; The Star, The Citizen and The Herald, but they have some doubt as to whether the admission can be recorded on the basis without the newspapers there. I think it is merely a misunderstanding. Now that we have found the reference to the record I do not think that there should be any difficulty in relation to that fact that substantially similar reports appeared in the other newspapers. That is all really.

HOF: Wat is u houding in daardie respek?

MNR JACOBS: Ek moet eerlik sê ek kan nie die koerante onthou nie maar ek sal 'n erkenning maak dat so 'n artikel ook in koerante verskyn het.

HOF: Die erkenning soos dit nou hier staan, staan die punt onder "Queries". Is dit dan 'n erkenning of is dit iets wat in die lug gelaat is?

MNR JACOBS: Nee, ek sal die erkenning maak.

HOF: Moet ek dit nou maar as 'n erkenning notuleer?

MNR JACOBS: Erkenning notuleer dat die betrokke artikel ook in ander koerante verskyn het.

HOF: Kan ek dit notuleer dat punt 4 on "Queries" op bladsy 6 van AAS.17 nou wegval en dat 'n erkenning in dier voege gemaak word?

MNR JACOBS: Ja, edele.

HOF: Dankie, dit word so genotuleer.

MR BIZOS: I have nothing further to say.

HOF: Ja, mnr Jacobs?

MNR JACOBS: Dankie, edele. Met respek in die kort tydjie wat daar tot ons beskikking gestel was het ons 'n geweldige stuk werk hierso afgehandel wat ons voor die hof bring. Ons is jammer om so 'n dik stuk werk voor die hof te lê. Dit is ongelukkig is daar so baie getuienis wat behandel moes word dat ons dit so moes...Ek wil verlof van u vra..

HOF: Net voor u begin met u betoog vereis u dat die betoog op rekord geplaas word deur Lubbe Opnames?

MNR JACOBS: Hy is in skrif het ek hom gestel, wat ek vir die hof gaan verlof vra..

HOF: Wat myself betref is dit nie nodig nie.

MNR JACOBS: Ja, ek sal ook nie..

HOF: As die advokate dit verlang sal ons dit doen anders kan ons die dame verskoon. Wat is u houding?

MNR JACOBS: My houding is dat ek dink ons het dit volledig genoeg gedoen daarso in ons geskrewe betoogshoofde dat dit nie vir ons nodig is nie. Ek weet nie wat my geleerde vriende se..

COURT: What is your attitude?

MR BIZOS: I think Mr Chaskalson will address your lordship on that.

MR CHASKALSON: Certainly it would not need to be typed but there may be some benefit in having it recorded so that ever we needed to consult anything that we have a proper note of it.

COURT: Is there no obligation on Lubbes if it is recorded to type it?

MR CHASKALSON: I do not know.

COURT: I do not know what the contract says.

MR CHASKALSON: I really do not know. I am not able to answer that.

HOF: Kan ons dit opneem sonder dat dit getik word?

(ANTWOORD DEUR OPERATRISE NIE OP REKORD)

COURT: I also had the impression and the lady confirms this that when it is recorded it has to be typed. And then the costs have to be paid.

MR CHASKALSON: No well, I do not think we would want to have it typed. It is just that sometimes it is useful to be able to see what was said in argument. If really the question of concessions having been made and things like that if it does arise. I do not think we need it typed.

COURT: Well, it is up to you but - no, it is not a

question of needing it typed, it is a question of an obligation on Lubbe to type it in terms of the contract and their right to type it in terms of the contract. (Discussion in background)

MR CHASKALSON: Well, m'lord, I think we leave it to your lordship.

COURT: No, that is passing the buck. In that case the buck does not stop here (laughter) I will tell you what we will do. Your attorneys can sort this out with Lubbe in the meantime and we will record it until it is sorted out but it has to be sorted out before let us say lunch.

MR CHASKALSON: I understand that frequently records are prepared which never get transcribed, even judgments sometimes. I think it is custom to have a record recorded and in short trials, unless there is an appeal, it will never be typed.

COURT: Well, whatever the custom is let us just find out what the facts are.

MR CHASKALSON: Well, I do not know.

COURT: Yes, thank you. Intussen neem u maar op, asseblief. Ja, mnr Jacobs?

MNR JACOBS: Dankie, edele. Ek wil vir die hof verlof vra om geskrewe hoofde van betoog en argument voor die hof te lê. Ek het aan my geleerde vriende twee stelle gegee. Die deel wat ons nou by die hof ingehandig het of die dele is net oor die getuienis wat gelewer was wat 30 000 bladsye getuienis voor die hof..

HOF: So wat u nou ingehandig het is basies die eerste paaiement?

MNR JACOBS: Laat ek dit so stel, ek gaan nie ŉ volgende

paaiement / ..

paaiement nie, ons gaan volstaan by die dele van die opsomming van die dokumente, die verskillende kampanje's wat ons reeds by die vorige betoog ingehandig het toe die staat se saak gesluit was.

HOF: So ons moet daardie daar byneem, by hierdie neem?

MNR JACOBS: By hierdie neem.

HOF: Ja, wat is u prognose? Hoe lank gaan u betoog duur?

MNR JACOBS: Dit gaan 'n baie lang tyd neem. Ek kan nie sien as ek alles deur moet betoog dat dit minder as twee weke kan vat nie, tensy ek - wat ek aan die hof wou voorgestel het is dat die eerste deel van daardie betoog voordat ek werklik met die getuienis handel, dan handel ek met die vryheidstryd wat ek dink belangrik is as 'n soort van inleiding, waar die vryheidstryd en sy aard uitgelig word en dat dit saamvloei dan met die getuienisontleding wat daarna kom. Dat miskien as 'n voorstel om tyd te spaar, miskien as ons kan dit inhandig en lees en dat die hof en my geleerde vriende dit lees en miskien vir twee, drie dae 'n verdaging gee dan kan ons dit daarvandaan verder voer as die hof enige onsekerheid het.

HOF: As ek iets te lese het sal ek dit in die aand lees. Ek het geen probleme om in die aand te lees nie.

MNR JACOBS: Nee, ek het net gedink - ek het nie so gedink nie, edele.

HOF: My lig is goed.

MNR JACOBS: Maar ek het net gedink dan hoef 'n mens dit nie in die hof alles oor te lees nie.

HOF: Nee, ek sal aandui wanneer ek nie wil hê dat u dit moet voorlees nie en omdat ek dit nou nie voor die tyd gehad het nie kan ek nie vooruitlees nie, dus ek sal vanaand begin

om vooruit te lees. Maar as u twee weke moet neem, dan moet u twee weke neem. Ons sal kyk hoe dit vorder. In watter volgorde gaan u dit behandel? Wat is u volgorde van betoog?

MNR JACOBS: Ek het die stuk behandel, ek behandel die vryheidstuk soos ek hom 'n hoofstuk, ek het gemaak 'n hoofstuk ter aanvang van die vryheidstryd waaronder ek verskillende hofies behandel om te bewys die geaardheid daarvan. Na die vryheidstryd dan gaan ek oor na die Vaal toe wat ek ook verskillende hofies gegee het. Ek neem een hofie, die begin voor die stigting van VCA; daar het ek 'n hofie.

HOF: Nee, ek vra u dit omdat ek 'n aanduiding wil hê van watter dokumentasie ons hof toe moet bring op watter dag.

MNR JACOBS: Ja, mag ek vir die hof sê dit gaan seker bietjie moeilik wees as 'n mens net sekere dokumente moet bring want dit is 'n rondvallery in dokumente.

HOF: Ja, afgesien van die dokumente, die rekord en dié soort van ding.

MNR JACOBS: Dit is reg. Ek het waar ek kan juis om daardie ding te voorkom dat daarso gedurig na dokumente rondgeval en gesoek word. Ons het gesien hoe moeilik dit is want dit raak inmekaar gestrengel en dan het ons aanhalings gedoen, ons het waar dit belangrik is die aanhalings selfs uit die dokumente gemaak en daarso geplaas voor die hof. Dit is eintlik hoekom die ding bietjie lywig is want daar is heelwat aanhalings. So daar het ons probeer om tyd vir die hof te spaar om kort-kort in 'n dokument rond te blaai en te gaan soek. En ons het ook die plekke waar verwysings in die oorkonde is, het ons daar aangewys. Ek mag sê in u stel en in die geleerde heer assessor se stel het ons die indelings soos ons hulle gemaak het met verdeelbladsye ingesit. Ons

kon / ..

kon ongelukkig nie in almal dit doen nie, met die tyd wat ons gehad het nie, met,min of meer die hofies ook ooreenstemmend. Soos ek sê ons begin na die vryheidstryd met 'n deel oor voor die stigting van die Vaal, die VCA in die Vaal waar ons dan meer daarop konsentreer om die skakeling met UDF en ook ander dinge daar uit te bring. Dan vat ons die stigting self waar ons sekere punte uitwys en ook skakeling met UDF. Dan 'n tydperk na die stigting van Vaal wat ons noem na die stigting van Vaal, Vaal se gemeenskapsorganisasie waar ons ook probeer konsentreer op skakeling, behoorlike skakeling wat daar met UDF was oor daardie tydperk. Dan gaan ons oor na die huisvergaderings toe waar ons sekere aspekte uithaal. Dan gaan ons na die vergaderings van 26 Augustus 1984 waar daar sekere aspekte uitgehaal word en ook, dit is nou uit die getuienis uit, staat en die verdediging en dan na die vergadering van 3 September waar ons die gebeure by die vergadering daarso, sekere aspekte uitlig. Dan die optog en die gebeure by die interseksie, verskillende geskille wat daar voorgekom het en dan sluit ons daardie deel daar af en dan doen ons Sharpeville, wat die getuienis daar gewees het. Na dit Boipalong, Boibatong en Bopelong word gedoen dan om die getuienis by te bring. Dan gaan ons oor na die res van die 31 plekke wat oorgebly het en ons vat elke plek en die getuienis wat daar behandel is. Ek kan nou nie uit die kop uit onthou hoe die 31 plekke volg opmekaar nie en dan is daar 'n paar..

ASSESSOR: Alfabeties?

MNR JACOBS: Ons het dit ongelukkig nie alfabeties gedoen nie, edele. Soos hy getik is en klaar is het ons net aangegaan en hom net ingesit. Ons het dit ongelukkig ook

nie / ..

nie alfabeties opgestel nie. Dan is daar ȵ afdeling wat ons maak oor die "people's power" en ȵ afdeling wat ons maak oor die getuies geroep deur die verdediging omtrent hierdie kampanjes en of hulle deskundige getuies was oor die UDF se beleid en daardie tipe dinge. Getuies soos Platsky en daardie tipe wat ons heeltemal apart behandel. Dit is min of meer wat ons op hierdie stadium het vir die hof omtrent hierdie hele aspek.

HOF: Dit is nou die drie swartes, swart bundels?

MNR JACOBS: Die swart bundels, ja.

HOF: Dan wat kom nog daarby? Dié wat ons gehad het by die ontslagaansoek?

MNR JACOBS: Die ontslagaansoek. Ons is besig om daardie deel, ons kon dit nie bybring nie, om te wys watter dele ons spesifiek nog as van toepassing hier..

HOF: Ja, maar daar hoef u nie - ek het u mos gesê u hoef nie alles oor te tik nie. U kan net vir my hier in die hof vertel: trek ȵ streep daardeur en trek daardeur ȵ streep; voeg dit in, skryf dit in.

MNR JACOBS: Ons is besig om dit te doen, om dit te kry. Dan is daar wat ons voel ons nog moet doen is iets oor die jongste gesag oor die sameswering moet ons ook nog voor die hof bring en dan ook ȵ aspek oor die bewysstukke, dokumentêre bewysstukke. Dit sal ons hele betoog afsluit.

HOF: Ja, dankie.

MNR JACOBS: Edele, as ek dan kan begin met my betoog met wat ons noem die vryheidstryd. Die stuk het ek, die eerste deel daarvan het ek self kort opsommings gemaak sonder om na elkeen te verwys dan hoef ek dit nie te lees nie. Ek sal vir die hof sê wanneer ek nie meer by is nie, dat ek

moet / ..

moet oorgaan maar dit sal eers daar van bladsy 200 af wees; tot bladsy 200 het ek vir my sulke kort opsommings gemaak om dit te verkort. Ons wys uit dat die vryheidstryd is 'n kern en baie belangrike aspek in hierdie hele saak gewees en dat UDF en die geallieerdes van UDF, aktiewe ondersteuners van UDF die ANC en die SAKP, by almal is hierdie vryheidstryd presies identies. Die basiese..

HOF: Net 'n oomblik. Mr Chaskalson, do you want each and every word of this argument of the state interpreted because you now have it in volumes which can be supplied to the accused and they can have a look at it?

MR CHASKALSON: Yes, we do have the volumes. The difficulty is going to be in relation to the translation. Not all the accused understand Afrikaans.

COURT: It will be very difficult for the interpreter to interpret this argument, as it goes along because he has not even got a volume.

MR CHASKALSON: I understand that. It is going to be problematic. It is of course important that the accused should understand the nature of the argument against them.

COURT: Yes, but they have lots of time to study this document at their leisure and then ask you what it means. It may well be that lots of this they are really not interested in.

MR CHASKALSON: I think they will be interested in it all, but I - what may be useful is if there is - may I make this suggestion that we should start with only the questioning and answers. If your lordship asks questions and Mr Jacobs replies, for that to be translated. You see, we do not actually have - we will have to have copies made of all

these / ..

these volumes. There are only two copies for us as it is.

COURT: Yes, it will take a day or two before you are organised as far as that is concerned but then of course the argument is on paper and at their leisure the accused can have a look at it.

MR CHASKALSON: Yes, it will mean that there will be a delay and they will be talking to us about it. Perhaps we should proceed on the basis that there will not be a translation - I have not consulted with the accused and perhaps I should ascertain their wishes before I answer that question. But my sense is that we should proceed without a total translation of it but of discussions which take place we will have to arrange for copies to be made and made available to the accused. There are nineteen accused and some of them are..

COURT: Yes well that you would have done in any event I take it.

MR CHASKALSON: Some of whom are in custody. It is a question - well, I am not sure we would have made nineteen copies. I mean I think we would have made one copy available for them to circulate amongst them. I quite frankly have not thought out the implications as far as they are concerned.

COURT: Well let us have a question-and-answer interpretation until teatime and after that you can inform me what your attitude is, but it is rather bothering to have an argument and listen to the interpreter as well at the same time, and there is the difficulty that the interpreter cannot possibly without a copy of this document interpret exactly what is being said.

MR CHASKALSON: No, I understand that.

COURT: I cannot see how he can do it.

MR CHASKALSON: I do understand that. The fact is that it is important that the accused know what is being said. It is important that they should understand the argument which is being put up against them.

COURT: Well the argument being on paper won't be lost.

MR CHASKALSON: No, it is a question of when it can be got to them and when they can understand it and what arrangements can be made because three of the accused are in custody. So that means that an extra couple of arguments will have to be prepared, all of which presents its own problems. But should we proceed at the preliminary stage with the interpreter interpreting the exchange between your lordship and Mr Jacobs and we will discuss it at tea and if we have lost half an hour, if the accused don't hear the first half hour I am sure that we can be..

COURT: Yes well, then we can always start all over again.

MR CHASKALSON: I do not think that would be necessary. Someone will explain that to them.

COURT: Yes, Mr Interpreter, did you hear what Mr Chaskalson said?

INTERPRETER: Yes, I did.

MNR JACOBS: Ek sal ook net om sake te vergemaklik probeer om nog 'n afskrif van die betoogshoofde te kry wat ons ook dan aan die beskuldigdes beskikbaar gaan maak en ons het gereël om een te kry wat die tolk sou kon gebruik. Dit het nog nie gekom nie, edele, maar ons sal ons bes probeer. Ons het twee afskrifte gegee aan die verdediging, maar ons sal ons bes probeer en gee nog 'n derde een. Mnr Fick het juis gegaan om te kyk of ons nie nou al ene kan kry nie.

HOF: Dankie.

MNR CHASKALSON: It would help also if my learned friend would try and speak up because he tends to drop his voice and it is often difficult, sitting behind, to hear him.

COURT: Yes, that is so, Mr Chaskalson, but we have attempted for three years to correct the voice of Mr Jacobs and I do not think we have succeeded.

MNR JACOBS: Ek moet sê dit is moeilik om te praat hier. Ek het gedog hierdie ding is aan, ons het dan spesiale mikrofone..

HOF: Hy behoort aan te wees.

MNR JACOBS: Ja, hy is aan. Kan ek dan maar voortgaan?

HOF: Ja, gaan voort teen u gewone stem want anders raak u sonder stem.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Ek het dan begin deur te sê dat die vryheidstryd identies by al hierdie verskillende organisasies is en die basiese kenmerk van hierdie vryheidstryd is dat die breë massas en veral die swart massas betrek moes word om aktief aan hierdie vryheidstryd deel te neem teen die staatsgesag. Kan ek net myself hier in die rede val? Mnr Fick het 'n stel gebring wat ons op hierdie stadium dan miskien aan die beskuldigdes kan gee dan kan ons later vir die tolk ook 'n stel gee. O, het hy een?

HOF: Intussen kan die tolk se stel miskien ook aan die beskuldigdes beskikbaar gestel word, dan het hulle twee stelle wat hulle kan sirkuleer.

MNR JACOBS: Ek moet net sê dat die bladsye in daardie stelle is nog nie almal genommer nie. Tot hier by bladsy 250 is hulle reg genommer maar daarvandaan het hulle in los stukke gekom wat ons ingesit het en wat ons toe moes aaneen

genommer / ..

genommer het. Hulle is een volgorde maar die bladsye nie - as hulle net dit besef, dit is nog nie gedoen gewees nie.



**HOF**: Ja, gaan voort.

**MNR JACOBS**: Nou die verdediging en al die instansies soos UDF en die ander sê dat hulle streef na vrede en dat vrede in Suid-Afrika net moontlik is na die vernietiging van die regeringstelsel en na magsoorname deur die massas. En dan vir die vestiging van 'n regering van die massas volgens die Freedom Charter en dit is waar UDF en die mense wat saam met UDF werk sê dat hulle is 'n vreedsame organisasie, hulle streef vreedsame verandering na en in hierdie verband verwys ons in die algemeen net na die persverklarings wat uitgereik is en waarvan soveel gewag gemaak was in hierdie saak. Die kern van die verweer soos ons dit sien dan is dat die regering en regeringsbeamptes die oorsake sou wees van die geweldpleging. Nou ons respekvolle betoog is dat die verweer onwaar is en ons sê dat dit opgeneem is deur die UDF en die UDF-aanhangers vir doeleindes van selfbehoud en om die voortbestaan en voortsetting van die rewolusionêre oorlogvoering in die land, want dit is noodsaaklik dat hulle hierso aktief bly om die organisering en koördinering van die vryheidstryd voort te sit. Nou omdat dit dan so 'n belangrike stryd is, die vryheidstryd, het ons ingegaan en die getuienis ontleed en ons respekvolle betoog is dat die getuienis bewys dat die konsep van 'n vreedsame vryheidstryd onwaar en 'n verdraaiing is. En die tweede is dat die getuienis bewys dat die vryheidstryd en vir enige aksie van UDF en sy aanhangers is geweldadige oorlogsvoering vir 'n massa-oorname. Nou die eerste subhoof wat ons hieronder het is dan die primêre doel. Die primêre doel sê ons is dat

UDF / ..

UDF en sy trawante die regering omver wil werp om 'n demokratiese regering van die massas volgens die Freedom Charter te vestig. Ook genoem 'n "people's government" en ook genoem "people's power". Nou die eerste dokument waarna ons verwys en waaruit ons aanhaal is BEWYSSTUK C.1 en daarin word onder andere gesê:

"Our objectives is to dismantle apartheid and replace it with a democratic system as in the Freedom Charter".

Wat belangrik is van hierdie dokument is ons maak die bewering hier dat hierdie dokument was ook versprei na die verskillende geaffiliëerdes en ook onder andere na die VCA, dit is die Vaal Civic Association. Dit kry ons in BEWYSSTUK C.2 byvoorbeeld was na hulle versprei gewees. 'n Ander dokument waarop ons steun is BEWYSSTUK C.130. Hoekom ons hierdie - hierdie dokument C.130 is geskryf in 1981, maar hoekom ons dit van belang ag, dit is 'n brief wat Curtis Mkhondo aan die ANC geskryf het. Hy is 'n leier in UDF, hy is die persoon in beheer van onderwys en die jeug en in 1981 reeds pleit hy by die ANC vir 'n "national organisation" om die vryheidstryd binnelands te lei. En hy stel destyds die beginsels waarop UDF sy vryheidstryd vandag fundeer, dat (1), dit is hoekom dit vir ons belangrik is, dat daar geen gesprekvoering met die owerhede moet wees nie; (2) dat die vryheidstryd gaan oor gesagsoorname waar die "people shall govern" volgens die Freedom Charter en wat meer is, hierdie persoon is 'n persoon wat COSAS en AZASO begin het en dit is nooit weerlê deur enige getuienis nie.

HOF: Nou waar staan dit dat die brief geskryf is aan die ANC?

MNR JACOBS: Volgens die inhoud van die brief blyk dit

dat / ..

dat die brief is 'n brief wat geskryf is aan die ANC, die hele konteks van die brief.

HOF: U moet asseblief net vir ons vertel waarom u sê die brief is geskryf aan die ANC?

MNR JACOBS: Ek sal net die dokument kry, edele. Kan ek dan daarna terugkom?

HOF: Kom later daarna terug, ja.

MNR JACOBS: Dan die volgende dokument waarna ons verwys wat eintlik dan ook belangrik is en wat van groot waarde geag was deur die UDF is BEWYSSTUK A.1 en die getuienis was dat duisende van hierdie eksemplare was versprei en op hierdie wyse is die toesprake van verskeie van UDF se leiers versprei en sit UDF se strategie en beleid en doelstellings uiteen. Nou ons verwys daarso op bladsy 50 na wat Boesak gesê het, dit is 'n stryd teen die wit regering en hulle wat saamwerk met die wit regering. Hierdie persoon met die naam van Gabier sê op bladsy 44 hulle streef na 'n "democratic government of the people for the people". George Seoparsat op bladsy 40, die massas sal Suid-Afrika verander en gesag oorneem en Mandela sal regeer. Dan Frank Chikane op bladsy 37, dat die mense moet saamstaan en veg om die sisteem te vernietig en 'n regering te skep waar die massas regeer. Dan verwys ons ook na BEWYSSTUK W.69, dit is in paragraaf 6 van daardie eerste deel dat Frank Chikane die volgende sê, dat UDF het onstaan om losstaande weerstand saam te bring en te verenig deur eenheid en aksie. Hulle taak is die versterking van die organisasies en die skepping van nuwe organisasies. Die derde punt wat ons aanhaal daaruit is hulle moet self ondersoek doen na hulle eie situasie en dan die vierde, die doel, die massas moet hulle organiseer,

die / ..

die massas moet hulle mobiliseer en sulke strukture en netwerke skep dat die "liberation movement" die apartheidsisteem vernietig. Die massas moet dit self doen is die stelling wat gemaak word deur Frank Chikane en dan noem hy dit 'n "people's struggle for people's victory and for people's government". Nou die tweede hoof wat ons identifiseer is dan wie is die vyand in hierdie vryheidstryd. Nou ons respekvolle betoog is die staat het bewys (1), dat die UDF en sy trawante wat hulle steun benader die stryd as 'n fisiese stryd. Dit is 'n stryd teen 'n gemeenskaplike vyand en dit word voortdurende ingeskep by die massas dat die vyand is die staat, die regering, die regeringstelsels en beamptes wat raadslede en polisiebeamptes insluit. Ons argument is met respek dat hierdie getuienis nie weerlê is nie en die identifisering van die gemeenskaplike vyand waarteen hulle veg in die verenigde aksie bevestig alreeds insigself 'n geweldadige konfrontasie. Nou die volgende bewysstukke word aangehaal om hierdie stelling van die staat te bewys: BEWYSSTUK C.1, bladsy 2, paragraaf 2. Hulle doel is om apartheid te vernietig. Hulle vyand is die apartheidsisteem. BEWYSSTUK C.5 is van die grootste belang die massas en hulle taak. Wat die UDF en sy geaffiliëerdes nie uit die oog verloor nie is dat die apartheidstaat is die vyand. Dit is belangrik, as ek net miskien 'n oomblik kan afwyk hier, dit is belangrik want in hierdie hof is getuig deur die verdediging se getuienis onder andere beskuldigdes 19 en 20, dat eintlik is dit net teen apartheid maar al hierdie bewysplase bewys dit is nie teen die abstrakte begrip apartheid nie, dit is teen duidelik die staat wat vereenselwig word met apartheid. Die apartheidstaat is die vyand.

Nou / ..

Nou in BEWYSSTUK V.10 het Frank Chikane gesê hulle gemeenskaplike vyand word gekontroleer deur Pretoria. Dit is 'n duidelike implikasie, deur die regering in Pretoria. In BEWYSSTUK V.3, bladsy 2, het Oupa Monareng van SOYCO dit so geïdentifiseer dat die vyand probeer om verdeeldheid te saai. Dit is weer 'n verwysing na die regering wat met die regering se wetgewing sou probeer verdeeldheid saai. In BEWYSSTUK V.3 op bladsy 14 het Frank Chikane gesê dat die stryd is teen die "unjust system". "Dismantle it and put a just system in its place". So dit is weer nie apartheid abstrak nie, maar die regering. In V.3 op bladsy 18 het Oupa Monareng dit so geïdentifiseer: "Identify the enemy in terms of his violent action", so dit is weer nie 'n abstrakte begrip nie maar 'n liggaam wat in staat is tot "violent action". Ticho Moseneke het in V.3 op bladsy 24 die volgende gesê, dat die sisteem en enige persoon wat aan die sisteem behoort en hier het hy in die besonder verwys na 'n tuislandleier, Buthelezi, sal albei vernietig word en dit sluit weer die abstrakte begrip uit maar dit verwys na die regeerders van hierdie land. Ek verwys dan ook na ander wat ons nie aanhaal nie, BEWYSSTUKKE AB.37, bladsy 1; AB.7, dokument 6, bladsy 3; en ook in die vorige deel se aanhalings kom dit ookal reeds uit dat die vyand is die regering en die regeringsorgane. Nou soos ek reeds gesê het, ek het netnou daarna verwys, het beskuldigdes 19, 20 en 21 die hof probeer oortuig dat die stryd - apartheid is 'n abstrakte begrip en nie die regering as vyand nie. Dit is 'n doelbewuste misleiding want dit is baie duidelik dat die stryd is teen die regering, die staatsgesag en dit is 'n stryd vir magsoorname. Die valsheid van hierdie getuienis

word verder bewys, dat die aanvalle wat die massas gedoen het was teen die regering, raadslede, polisiemanne en eiendomme. Padversperrings was aangebring en daar was aanvalle teen die polisie en wetstoepassers so dit is nie 'n stryd teen 'n abstrakte begrip nie, maar dit is 'n stryd teen 'n geïdentifiseerde en bestaande regering en 'n stryd waar dit baie duidelik aan die massas oorgedra is wie is die vyand. Nou die volgende subhofie is wat ons noem die strydmagte van UDF en UDF trawante. Nou ons respekvolle betoog is dat die getuienis het bewys dat UDF se benadering is eerstens dat die leiers van UDF en hulle trawante sal nie die regering kan aandurf en vernietig nie en 'n "people's" regering vestig nie. Wat gebeur is dat die massas, veral die swart massas moet die regering direk konfronteer en vernietig en hulle moet 'n "people's" regering vestig. Onder die massas word verstaan die werkers, die militante jeug, die vroue en al daardie verskillende dele van die bevolking. 'n Volgende aspek hier is dat almal hierdie verskillende sfere moet verenig op 'n basis van gemeenskaplike doel om verenigde aksie onder die vaandel van UDF toe te pas. Dat UDF groot moeite reeds - met groot moeite reeds geslaag het tot 'n groot mate hierin om die massas te organiseer en te mobiliseer tot verenigde aksie word bewys deur al die insidente wat lateraan ook genoem sal word. En 'n mens kan sê op hierdie stadium dat daar was reeds sprake gewees van 'n nasionaal-gekoördineerde aksie. Nou in BEWYSSTUK C.1, ek verwys net hier na die verskillende bewysstukke. Ek verwys daarso na BEWYSSTUKKE C.1, paragrawe 3.1 en 3.2; BEWYSSTUK C.6, bladsy 1, paragraaf 2; BEWYSSTUK C.8 onder die artikel "What is the UDF". Dan BEWYSSTUK C.102, die sekretariële report, part 1: "Overview of work done"

ook / ..

Hierdie aspek moet veral ook oorweeg word met inagneming van drie baie belangrike feite. Die eerste is dan UDF se aanvaarde en verklaarde beleid van geen gesprekvoering met die regering nie. Die tweede is dat hulle primêre doel is die magsoorname en 'n regering van die massas volgens die Freedom Charter. Die derde is dat die regering nie sal kapituleer ingevolge hul eise en die staatsgesag aan hulle oordra nie. Nou ek verwys na BEWYSSTUK C.1. Daarin bevestig UDF dat hulle moet beplan vir die toekoms. UDF moet organisasies bou; UDF moet al die magte wat deelneem aan die stryd verenig in duidelike waarneembare verenigde aksie in Suid-Afrika. BEWYSSTUK C.38 op bladsy 9, dit is UDF Western Cape, Annual General Meeting, Secretarial Report, part 1: Overview of Work Done. Nou volgens hierdie dokument is dit duidelik dat UDF moet aan die massas 'n positiewe alternatiewe regering waarna hulle streef propageer. UDF moet hul winste uit die politisering van die massas verdiep - het ek gesê 38? Dit is 138, ek is jammer. UDF moet verseker dat elke geaffilieerde 'n rol het om te vervul. UDF moet verseker dat 'n voortdurende koördinerende rol vervul word deur hulle; UDF moet verseker dat kampanjes bedryf word teen aansien van primêre vraagstukke en dit word genoem: verpligte verskuiwings lewenskoste, werkloosheid, die internasionale jeugjaar en die Freedom Charter. Dan op bladsy 12 van dieselfde dokument, streke van UDF se lewensbelangrike taak is as uitvoerende arm van die UDF. Streke van UDF betrek kleinere organisasies en individue in UDF take; streke van UDF doen praktiese koördinasie van aktiwiteite tussen geaffilieerdes op 'n plaaslike vlak; streke van UDF is direkte strukture; streeksalgemene rade en uitvoerende besture van streke en sub-

streke / ..

streke is uitvoerende strukture van UDF. Hierdie uitvoerende strukture van UDF (1), gee rigting aan die UDF aktiwiteite; (2), omskep politieke programme in praktiese aksie; (3) hulle moet die mees omvangryke deelname van demokratiese deelname bewerkstellig en (4), hulle moet die leierskap verskaf en rigting aandui in UDF aktiwiteite. En nog verder dan op dieselfde bladsy, bladsy 12, UDF se taak is om sodanig te werk te gaan dat die massas in die stryd opgeneem word. UDF moet die gemobiliseerde massas in UDF organisasies betrek en UDF moet dringend toesien dat geaffilieerde organisasies ꞌn sleutelrol speel om aksie te begin. En ꞌn baie belangrike taak is dat UDF moet vraagstukke (issues) wat hulle identifiseer het so gebruik dat dit die massa-aksie aan die gang sit. BEWYSSTUK A.1 op bladsy 3, UDF beplan reeds al by die stigting van UDF dat (1), UDF se primêre fokus gaan toegespits word op plaaslike geaffilieerdes en streekvlakke. (2), dat UDF moet kampanjes bedryf deur gebruik te maak van sekere knelpunte wat hulle direk raak in die geval van die nuwe konstitusie. Dan (3), UDF is nie net ꞌn blote politieke protesgroep nie; UDF moet nie-rassistiese demokratiese organisasies opbou as alternatief vir apartheid selfs - as ek net vir ꞌn oomblik kan stilstaan by daardie, hier kry mens ookal die kern of die kiem van die feit van die alternatiewe strukture is ons respekvolle submissie; hulle moet opbou as alternatief vir apartheid self. Nou BEWYSSTUK A.1 bladsye 4 na 5, UDF en al die mense van verskillende klasse het by die stigting onderneem om saam te werk en verbind hulle tot die gemeenskaplike doel om (1), alle mense waar hulle hul ookal bevind te verenig om te veg vir hulle vryheid; (2), hulle onderneem en besluit om saam te

werk / ..

werk in hul gemeenskaplike stryd. Dit is ook 'n belangrike en kernaspek van die hele samesweringidee. Hulle verbind hulleself en onderneem om saam te werk om organisasies in verskillende lewenssfere te organiseer en te mobiliseer in die gemeenskaplike stryd onder die vaandel van UDF. Nou BEWYSSTUK C.9 op bladsye 2 en 3, UDF se sekretariaat beklemtoon UDF se primêre taak is koördinasie van die vryheidstryd. BEWYSSTUK C.53, bladsy 8, paragraaf 2.1. Hierdie is 'n verslag van UDF se suksesse en in paragraaf 2.1 bevestig UDF dat UDF tot stand gebring was om aktiewe strydvoering teen die apartheidsregering te lei en te koördineer. BEWYSSTUK C.54, beskuldigde 20 verklaar dat UDF is 'n sambreelliggaam om aktiwiteite van geaffilieerde organisasies te koördineer. BEWYSSTUK E.4 op bladsy 5, Archie Gumede van die UDF hy bevestig UDF is gestig om plaaslike strydvoering te koördineer en massas te politiseer aangaande die knelpunte. BEWYSSTUK J.3 op bladsy 4, op hierdie UDF vergadering word bevestig dat UDF is gestig om vroeëre los en geïsoleerde aksies op 'n nasionale grondslag saam te snoer in een georganiseerde nasionale weerstand. Dan is daar ook BEWYSSTUK C.99 waarna gekyk word. Hierdie laaste ene wat ek gehad het, ek het netnou daarna verwys toe ek gesê het - nie hierna verwys nie, maar verwys na die resolusies wat aangeneem was en wat op losse basis bedryf was sonder dat daar een oorkoepelende liggaam was en hier kry ons 'n pragtige voorbeeld hoedat UDF en dit was deur hulle vergadering gesê, hoedat UDF al hierdie los knelpunte of "issues" of vraagstukke wat ookal die beste is om hulle te beskryf en wat resolusies van UDF gemaak is, nou saamgesnoer word in een nasionale aanslag.

Die / ..

Die volgende hoof wat ons gemaak het is realisering van en die aard van die aksie. Nou dit is ons respekvolle betoog dat hierdie verenigde aksie onder die leiding, volgens die beplanning van die UDF en die koördinasie van UDF en soos dit in die praktyk gerealiseer het sekere dinge spesifiek bewys. Die getuienis bewys dat die massas in verenigde aksie direk in botsing moes kom met die regering en regeringsinstellings op ʼn landswyse grondslag. Die getuienis bewys dat oor ʼn tydperk gemeld in die akte van beskuldiging het die massas op landswye grondslag geweldadige konfrontasie met regering en regeringsinstellings te staan gekom. Die verdediging se verweer was dat die beskuldigdes en UDF en geaffiliëerde organisasies vreedsame veranderinge wou bewerkstellig het en dat die regering en veiligheidsmagte verantwoordelik is vir die geweldpleging wat losgebars het in die land. Nou die voorgaande getuienis wat reeds behandel is bewys alreeds die valsheid van hierdie verweer en die onaanvaarbaarheid daarvan. So kan ʼn rewolusie byvoorbeeld nie sonder bloedvergieting wees nie. Op die feite dat die massas hul lewens moet opoffer bring nie ʼn gedagte van vreedsaamheid uit nie. Hoe kan ʼn verandering vreedsaam wees en deur die massas bewerkstellig word as hulle weet die regering sal nie kapituleer nie? Hoe kan die massas vreedsaam die regering van die land oorneem terwyl die UDF self verkondig dat konflik en geweldpleging gaan eskaleer omdat die regering nie toegee aan hulle eise nie? Dit is ons respekvolle betoog dat die staat het getuienis voor hierdie agbare hof geplaas dat die verenigde aksie wat grootskaals uitgebreek het, geweldadige aksie was. Die verdediging kon geen geloofwaardige getuienis voor hierdie agbare hof plaas

dat / ..

dat die verenigde aksie nie geweldadig van aard was nie. Trouens uit die geledere van die UDF self en geaffilieerdes en aktiewe ondersteuners word die geweldadige aard daarvan bevestig. In BEWYSSTUK C.102, die sekretariële verslag wat reeds aangehaal is bevestig UDF dat swart plaaslike besture nie behoorlik funksioneer nie en kan regeer nie. Landswyd het sowat 50 raadslede bedank. Sommige gebiede soos Cradock en Uitenhage bestaan swart plaaslike besture glad nie en UDF skryf voor dat hulle nou hul alternatiewe strukture in hierdie woongebiede in werking stel. Dit het werklik gebeur in Cradock is die getuienis, soos wat hier ook erken is deur ŉ getuie van die verdediging. Die bogaande wat ek nou genoem het word alles geag deur UDF in paragraaf 8.6 as winste of suksesse van UDF en die samesweerders en hierdie suksesse is vir die UDF behaal deur die massas teen die nuwe konstitusies en swart plaaslike besture. BEWYSSTUK Z.12 van die "Editorial, Work in Progress" van 1984 is daar eerstens gestel dat oproer het uitgebreek in die Oos-Rand en ŉ aantal Transvaalse woongebiede en dat die massas is in opstand teen huurverhogings. Dit is een van die dokumente wat versprei word in die gemeenskap.

HOF: Ja, maar wie het dit geskryf? Kan ŉ mens die UDF verantwoordelik hou vir wat in "Work in Progress" staan en kan ŉ mens die feite wat daarin staan as bewese beskou of beskryf?

MNR JACOBS: Kan ek net (praat weg van mikrofoon, soek dokument Kan ek net dat mnr Fick in die tussentyd vir my aangaan dan kom ek weer terug na hom toe. Ek sal dan net die res van..

HOF: Ja, u kan maar voortgaan. Met hierdie opmerkings van my kan u maar op u eie tyd handel.

MNR JACOBS / ..

MNR JACOBS: Ek sal net 'n merk maak waar dit..Ek sal daardie een, "Work in Progress" net op hierdie stadium oorslaan. BEWYSSTUK C.6, dit is vanaf UDF, Grens. Mqenqe Stofile van UDF Grens wat dit stel UDF is 'n rewolusionêre organisasie; UDF se leierskap is rewolusionêre leierskap. Hy assosieer hulle met die ANC en ANC leiers. Hy stel dit dat UDF koester die doel om kapitalisme te vernietig; in die stryd vir totale vryheid moet daar 'n liggaam wees wat die leiding gee. Die rewolusionêre leierskap moet landswyd funksioneer en die massas moet staatsgesag oorneem met hul politieke leiers aan die spits; die ANC Youth League is die voorbeeld vir hulle in die stryd en veral vir die jeug. Hy beklemtoon dat hulle vryheid alleen verkry kan word deur die vryheidstryd en lewensverlies. In BEWYSSTUK C.8, wat is UDF? UDF verkondig dat hulle glorieryke oorwinnings behaal het teen die swart plaaslike besture. Dat UDF op die aanval is en dat UDF die weerstand gelei het. Hulle stel dit daar in hierdie dokument dat UDF se metodes is om alles wat 'n obstruksie is vir UDF voor hulle weggevee moet word. Die vryheidstryd is tussen die massas aan die een kant en die staat en sy ondersteuners aan die ander kant. U sal sien ek het baie keer hierdie wie is die mense in die stryd ook in ander dokumente op ander plekke gesit omdat ek nie almal wou herhaal onder elke hoof en dan weer dieselfde herhaal nie. Baie van hulle is ook op ander plekke van toepassing. Hulle stel dit hierso dat die taak van UDF is om die massas te politiseer en hulle gevoelens op te werk. UDF se taak is om die nuwe grondwet en die swart plaaslike besture te stop. Dit sal gedoen word deur verenigde aksie van die massas. BEWYSSTUK C.138 op bladsy 7, dit is die sekretariële verslag van UDF Wes-Kaap. Daar word

gesê / ..

gesê dat die woede van die massas wat landswyd ontplof het bewys massas se gereedheid vir aksie. En die woede wat landswyd ontplof het was geweldpleging op 'n landswye basis. UDF moet dit bevorder. Die woede landswyd van die massas is teen swart plaaslike besture en UDF sal die massa-aksie teen hierdie liggame mobiliseer. Dit is wat in dié dokument staan. Dan BEWYSSTUK W.2, pagina 2, dit is die SPEAK van Maart 1985. Daar het Pat Lupunda, dit is van die UDF en van die sekretaris van die Soweto Civic Association. Hy het eers daarop gewys dat die massas aan die hand van knelpunte opgesweep word teen die gesagstrukture; die massas word aangemoedig en aangestig om te verenig en gemeenskapraadslede te forseer om te bedank. BEWYSSTUK C.130, in die betoog is dit reg - edele, ek sal op hierdie ene terugkom want dit is weer daardie selfde een van Curtis Mkhondo. Netnou het die hof my gevra of dit aan die ANC gerig is. Ek sal ook op hierdie een terugkom. Nou wat in hierdie saak geblyk het en wat 'n belangrike feit is, is dat nêrens kry 'n mens enige verduideliking, enige aanwysing aan die massas. Dit word altyd gesê die massas is die mense wat die veranderings gaan aanbring, dit is die massas wat die regering gaan oorneem, maar nêrens word gesê hoe gaan die massas dit doen nie. Dit word vir hierdie man op die vergadering gesê jy gaan daardie en daardie dinge doen, jy gaan daardie veranderings aanbring maar nêrens, nêrens word gesê vir daardie mense of aan hulle leiding gegee: maar kyk hoe gaan julle dit doen. Hoe moet daardie mense verstaan gaan hulle die veranderinge teweegbring behalwe deur geweldpleging? En dit is opmerklik dat 'n menigte dokumente is voor hierdie hof geplaas waar die massas opgesweep word om

die / ..

die mense gewelddadig aan te pak. En as 'n mens dan kyk na BEWYSSTUK AB.23, dit sluit so pragtig aan by hierdie stelling dat nêrens word die mense gesê hoe word dit gedoen nie. Gaan ons na AB.23, daar maak beskuldigde 20 dit bekend, dit is 'n UDF dokument, dat UDF voorsien dat as die departement van onderwys nie aan die leerlinge se eise voldoen nie sal daar groter onrus wees as vroeër. Daar sal aanhoudende straatgevegte met die polisie wees. Nou is dit 'n sprekende voorbeeld van vreedsame veranderinge en massa-aksie? Nou dan AB.19 wat aansluit by daardie voorgaande, word dit nog duideliker. Die skoleboikot in Cradock was voordurige geweldadige konfrontasie tussen die leerlinge of deur die leerlinge. Nou beskuldigdes 19 en 20 het met vier lede van COSAS se bestuur vergader om die krisisse in Cradock onder andere te bespreek en strategieë uit te werk daarna en die volgende feite hou hulle in gedagte met die uitwerk van hierdie strategie. Die eerste is dat die departement van onderwys nie sal toegee aan die eise van die leerlinge nie. Dan gaan daar 'n volgende of 'n ander skoleboikot ontwikkel en geweld op groter skaal gaan uitbreek as voorheen. Tweedens die leerlinge volgens hulle het gestaan op die punt van 'n oorwinning en dit moet hulle nie te bowe laat gaan nie. Daar bestaan 'n behoefte om die kampanje uit te brei. Let wel, uitbrei, hierdie ontplofbare toestand uit te brei en nie te ontlont nie maar uit te brei deur ander magte en persoonlikhede van UDF en aktiewe ondersteuners van UDF te betrek. Nou daar is ook 'n behoefte aan moontlike gemoeidheid van die Education Charter kampanje deur ouerkomitees. UDF en COSAS stuur al bogenoemde vrae vir ondersoek en om met praktiese voorstelle te kom aan die streke van UDF ten minste en

dan / ..

dan kom hulle uiteindelik by die laaste paragraaf en dit is die kern van hierdie ding, waar hulle dit stel dat die mees konkrete en kritieke vraagstuk is presies hoe kan hulle die kampanje vererger as die departement van onderwys weier om aan die leerlinge se eise gehoor te gee. Vir 'n vreedsame organisasie wat op hulle eie sê daar is 'n plofbare toestand in Cradock en daardie plekke; daar is 'n moontlikheid van groter geweld in daardie plekke en om dan te kom sê hoe kan ons dit vererger. Dit is met respek nie 'n toonbeeld van 'n vreedsame organisasie nie. Dit is nie om die mense te help om daardie moeilikheid te ontlont nie of om vir die skares te sê hoe kan hulle veg vir veranderinge sonder geweld - dit is nie wat hier gebeur nie. Hulle leiding aan die streke van UDF is om die kampanje te vererger en dit met alle respek kan nie vreedsaam wees nie. Nou die volgende bewysstuk waarna ek verwys is BEWYSSTUK AB.15 op bladsy 4. Hier noem beskuldigde 20 self die geweldadige aanvalle op die skole; hy noem dit self geweldadige aard van die skolestryd in Cradock. BEWYSSTUK AB.20, bladsy 1, die laaste kolom, derde laaste paragraaf. Daar word gesê en dit is hierdie vreedsame stryd, leerlinge val polisievoertuie aan met klippe. Hierdie vreedsame stryd is ook leerlinge rig padversperrings op in Cradock om polisietoegang in die gebied en vrye beweging te verhinder. BEWYSSTUK 21 op bladsy 5, gerommel van leerlingwoede opmerklik - dit is wat daar genoem word - en dat die regering dit geïgnoreer het en dit was die vonk om 'n bloedige stryd vir beheer van die skole te ontketen. Dit kan seersekerlik nie 'n vreedsame stryd wees nie. En weer hier kry 'n mens daardie alternief. Omdat daar nie aan die eise van die skoliere voldoen was nie het dit nou 'n

bloedige / ..

bloedige stryd vir beheer van die skole ontketen. Nou BEWYSSTUK W.21, bladsy 6, kolom een en die vierde, daar word verwys na Cradock en op Atteridgeville is daar botsings tussen die studente en die polisie en dit het landswyd versprei. BEWYSSTUK W.21 op bladsy 6, kolom drie: behalwe vir die boikotte in Atteridgeville en Cradock en Graaff-Reinet en Paarl en Bloemfontein en in Alexandra is daar swaar botsings tussen polisie en studente. Dit kan sekerlik nie vreedsame metodes wees nie? BEWYSSTUK W.21 op bladsy 6, kolom vier die laaste paragraaf: op 15 Mei na weke van intense botsings tussen die polisie en studente was al ses skole in Atteridgeville gesluit. BEWYSSTUK W.21, pagina 8, die vierde kolom, daar word verwys na boikotte en botsings met polisie wat voortdurend in Welkom en Tumahole voorgekom het. Die volgende boikotte aan die Oos-Rand versprei van Tembisa na Khatlehong, Daveyton, Duduza en Kwa-Thema. En gevegte verskuif word dit daar genoem vanaf skoolgronde na die strate toe. Op BEWYSSTUK 21 op bladsy 9, kolomme 2 en 3, soos die polisie-aanvalle toegeneem het, het ook teen-aanvalle toegeneem. Dit is ook nie 'n aanduiding van vreedsaamheid nie. Dit word dan vervolgens gesê polisie-voertuie en let wel, raadslede se huise, raadslede, huise, winkels, skole word met klippe gegooi en met petrolbomme aangeval. Dit kan sekerlik nie vreedsaam wees nie. Die volgende wat daar genoem word is padversperrings wat aange-bring word om te verhoed dat die polisie vrylik beweeg in daardie gebiede. 'n Ander aspek wat in daardie selfde stuk voorkom is Oos-Randse dorpe het geweldadige botsings tussen die polisie en studente toegeneem namate meer leerlinge aangesluit het by die boikotte. Dan in Soweto was daar

sporadiese / ..

sporadiese boikotte en was daar "running battles" tussen die polisie en die studente. By die begrafnis van onlusslagoffers het ongewapende massas met die polisie gebots. Dan BEWYSSTUK W.21, pagina 10, kolom een, polisie wat strate van Soweto gepatrolleer het en gevegte met studente het ontwikkel. In die Oos-Kaap waar skoleboikotte toegeneem het, het gewelddadige botsings vermeerder. In BEWYSSTUK W.21 op bladsy 20 word gesê leerlinge eis veranderinge in onderwys en om dit te kry het 'n hoë tol geëis aan opofferinge. Ander groepe soos werkers ensovoorts het hulle eise en om dit te wen is 'n moeilike maar nie onmoontlike taak nie. Dit beteken die strukture van gesag en beheer moet uitgedaag en vervang word. BEWYSSTUK W.62, bladsy 3, die tweede kolom, die eerste paragraaf: "conflict" gaan voort tussen meer as 'n kwartmiljoen leerlinge en polisie en meer steun van ouers. BEWYSSTUK W.62 op bladsy 3, kolom 5, in Soweto boikotte en botsings gaan voort. Drie leerlinge is gedood in die onluste. BEWYSSTUK W.63, bladsy 1, verwys na die Vaal. In botsings tussen polisie en anti-regeringsprotesteerders is amper veertig mense dood. In gewelddadige botsings tussen polisie en inwoners van Sharpeville, Evaton en Sebokeng is mense gedood en daar is weer die gewelddadige botsings. BEWYSSTUK W.63 nog steeds op bladsy 1, kolom drie, die laaste paragraaf word daar weer herhaal dat in die Vaal, Evaton en Sharpeville het daar gewelddadige botsings tussen die polisie en protesteerders ontstaan en 31 mense is gedood insluitende 4 raadslede. Op bladsy 3, kolom een, paragraaf een van dieselfde dokument, VCA het kwessies van huurverhogings opgeneem en gewaarsku mense kan nie betaal nie. Nou die naweek van 1 September was raadslede in Boipelong verplig om

polisiebeskerming /..

polisiebeskerming in te roep teen die woedende inwoners op ŉ huurvergadering. Voertuie van die administrasieraad en busse met klippe aangeval. Dit kan sekerlik nie vreedsaam wees nie. BEWYSSTUK 64, bladsy 3, kolom een, in Welkom val die massas voertuie aan en steek dit aan die brand. Dan die volgende is massas stroop die biersale daar en dan geweldpleging vind plaas in die hele woongebied. BEWYSSTUK 56 word daar gesê die massas gooi petrolbomme en huise en motors word aan die brand gesteek. Op bladsy 5, leerlinge is bewus dat die stryd vir veranderde onderwys is deel van die vryheidstryd om die regering omver te werp en ŉ demokratiese gemeenskap op te bou. Ek het dit net bygesit om te wys dat hierdie skakel ook en dit is wat verkondig word en dit is alles een gesamentlike poging. Dit is ons betoog dan dat daar geen twyfel bestaan nie dat die swart massas word onder geen illusies gelaat nie. Hulle word ingelig hulle veg vir "people's power". Dit is ŉ algehele gesagsoorname en dat die staat nie sal oorgee nie en dus moet die massas dit gewelddadig oorneem is ons respekvolle betoog. Nou proteste was ook ŉ belangrike deel van die verweer gewees. Nou ons respekvolle betoog is dat die proteste en hierdie vryheidsstryd was van die begin af beplan om in fases uitgevoer te word. Die eerste is die protesfase en die tweede is wat hulle noem die "challenge"-fase en in dié verband word daar verwys na BEWYSSTUK C.100, C.102, C.106, AAD.5 en AAA.10. Ons het alreeds daarop gewys dat ongekoördineerde en geïsoleerde aanvalle, gevalle van proteste deur UDF verenig moes word en dat dit is ook wat hulle inderwaarheid probeer doen het; en proteste was die vernaamste en ons betoog is met respek dat proteste was die vernaamde strategie om die

massas / ..

massas te organiseer, te mobiliseer en te politiseer; was die vernaamste strategie om die massas te organiseer, te mobiliseer en te politiseer deur die hou van proteste om hulle bymekaar te kry en 'n gesindheid van eenheid onder hulle op te wek en die massas was opgesweep om aan die hand van die knelpunte hul deelname te verseker aan die proteste. Hierdie knelpunte is sogenaamde "day to day issues" wat hoofsaaklik gebruik is om die massas teen die staat op te maak as die "enemy". Dit was gebruik om die owerhede in totale onguns te stel en dat hulle die massas wreed en wreedaardig onderdruk. Wanneer die polisie gaan om lewens en eiendomme te beskerm, word polisie geskets as die agressors wat vreedsame betogers aanval. Selfs in hierdie agbare hof is hierdie beeld nog steeds voorgehou. Die bestaande gesag word deur hierdie metodes afgebreek en die aansien van die gesag en aansien van die staat en sy strukture. Ons het gesien ook in hierdie saak dat mense wat totaal apolities was word op hierdie manier betrek, soos ook bewys in hierdie saak deur die getuies wat die verdediging geroep het. Mense wat glad nie enige politieke siening gehad het nie, maar toe daar proteste was het hulle daarby gaan aansluit. Dit bewys net hoe belangrik dit was om die mense te kry om net by die punte te kom waar die dinge gaan gebeur. En wat baie belangrik is, is dat wanneer die massas bymekaar gekry is het die sogenaamde vreedsame opgtogte altyd uitgeloop op geweld en geweldpleging deur die massas. Die teikens was altyd gewees dinge en sake wat aan die staat gekoppel kon word. Die voorbeelde wat ek noem is die sogenaamde protesaksies in die Vaal, vreedsame protesaksies soos dit genoem is het uitgeloop op grootskaalse geweldpleging. Die protesaksies en

wegbly-aksies /..

wegbly-aksies van 5 en 11 November 1984 in die woongebiede in Transvaal, dit is die getuienis voor hierdie hof; daardie sogenaamde vreedsame wegbly-aksies het elke keer op geweld uitgeloop. Begrafnisse van onrusslagoffers was gebruik om mense te poliseer en op te sweep en dikwels het ernstige geweldpleging gevolg. Nou die vierde voorbeeld wat ek noem is skoleproteste wat gereël was teen swart onderwys. Dit het grootskaalse geweldpleging tot gevolg gehad en toe skole gesluit was het geweldpleging strate toe versprei. Nou al hierdie sogenaamde vreedsame aksies het 'n identiese kenmerke of kenmerke want landswyd het veral COSAS, UDF en gemeenskapsorganisasies identiese knelpunte gebruik vir die opsweping van die mense. COSAS op skoolgebied, UDF die ondersteunende en leidende rol en die gemeenskapsorganisasies kan 'n mens nie een kry waar daar nie een en dieselfde argument byvoorbeeld as 'n voorbeeld gebruik word, dat die swart plaaslike besture is op hulle afgedwing. Dit het sonder uitsondering voorgekom op al die plekke waar geweld uitgebreek het in hierdie vryheidstryd. Op landswye basis het UDF, COSAS en jeugorganisasies, gemeenskapsorganisasies en vroue-organisasies identiese knelpunte gebruik om die massas op te sweep. Nou vroue- en werkersorganisasies in samewerking met UDF, COSAS en die jeug en ander gemeenskapsorganisasies het - ek het hier 'n herhaling - het dieselfde knelpunte gebruik en hulle is onderling vervleg met die verskillende organisasies. So sou COSAS byvoorbeeld ook opgeneem het die kwessie van huur terwul die gemeenskapsorganisasie ook die kwessie van die klagtes van leerlinge opgeneem het. So daar was heeltemal 'n identiese kenmerk oor die land dat daar so 'n vervlegting was; nie net in die knelpunte wat

opgeneem / ..

opgeneem is nie, maar hulle is almal so vervleg as 'n eenheid en so behandel. Nou ons het ook getuienis dat UDF het sy steun gegee aan hierdie landswye opsweping van die massas deur gebruik te maak van die knelpunte en ons het die gevalle of vraagstukke of knaagpunte, die gevalle van die videos wat voor die hof is waar UDF persoonlikhede, die leiers vergaderings gereeld toegespreek het. Hulle het gereis na Vryburg toe om daar vergaderings toe te spreek en dieselfde knelpunte daar te gaan oordra. Hulle het gereis na Kimberley toe het ons die getuienis, hulle is Ladysmith toe. Op 'n landswye basis het hierdie persoonlikhede altyd gegaan om dieselfde identiese knelpunte en vraagstukke te gaan oordra. Nou soos ek reeds gesê het is die eerste fase van hierdie vryheidstryd is die protesfase. Dit is die fase wat ons ook graag noem van konsolidasie, om die massas bymekaar te kry; om die massas polities bewys te maak, om die massas se haat teen die staat en instellings van die staat op te werk. Om die massas bewus te maak daarvan dat hulle wel teen die owerhede kan optree en hulle vrees vir die owerhede af te breek maar wat belangrik is, is dat in hierdie sogenaamde vryheid-stryd is daar 'n tweede fase, naamlik om die regering uit te daag, wat hulle noem te "challenge". Nou wonder 'n mens as dit so 'n vreedsame stryd was hoekom 'n tweede fase as die bedoeling vreedsame proteste was? Nou ons betoog is dat vanaf die begin van die bestaan van die UDF was die strategie in die vryheidstryd goed beplan en dat dit 'n gewelddadige magsoorname moes wees. Die bewusmakingfase of die spontane optrede en die uitvoeringsfase waar die staat op beredeneerde en berekende en grondige georganiseerde basis aangepak sou word, teen gekose teikens opgetree sou word soos raadslede,

skole / ..

skole. Nou bewys van die twee fases word gevind in die UDF dokumente en BEWYSSTUK A.1, pagina 3, paragraaf twee word daar gesê UDF is nie bloot 'n protesgroep nie, UDF moet organisasie bou tot 'n alternatief. Dan BEWYSSTUK A.1, paragraaf 28, pagina 28, paragraaf ses, resolusies oor die onderwys. Die resolusie oor onderwys bring uit dat die "education charter campaign" die onderwysstelsel en die staatsgesag die teiken is en dat daar ook lateraan sal gegaan word om hul eie liggame te stel vir die beheer van - dat dit ook sal gaan oor die beheer van onderwys, edele. BEWYSSTUK AB.28, in die verlede het hulle altyd net onderwys gekritiseer en daarteen geprotesteer. Nou die dokument sê dat kritiek en protes moet voortgaan maar die tweede fase kom nou ook by en die tweede fase is nou is dit nie net meer protes nie maar hulle moet beheer van onderwys oorneem en hulle alternatiewe onderwysstrukture tot standbring. As ek net 'n oomblik kan teruggaan na een van die aanhalings wat ek vroeër gelees het waar dit gesê word dat die gevegte wat nou in die skole ontstaan vir die beheer van die skole is so pragtig aansluitend by hierdie kwessie, dat hulle moet nou beheer van die skole en beheer van die onderwys oorneem. In BEWYSSTUK T.2 op bladsy 2, die eerste fase word daar genoem. UDF en geaffilieërdes het geslaag deur die swart plaaslike besture te boikot en dan sê hulle dat nou is die tyd vir die tweede fase, naamlik "challenge". Raadslede moet bedank, dan moet UDF en geaffilieërdes oorneem en hul alternatiewe strukture in die woongebied totstandbring. Nou hier is nog verdere bevestiging dat dit nie 'n vreedsame stryd kan wees nie. Dit word deur UDF as 'n lewensbelangrike stap beskou en moet hulle tot die aanval oorgaan want hulle het die

steun / ..

steun van die massas. Nou BEWYSSTUK C.100 en BEWYSSTUK AAD.5 is die meer volledige ene van dieselfde dokument. Dit is op bladsye 2 en 4. Ek gaan net 'n paar aanhaal. Eintlik is dit 'n baie belangrike dokument in sy geheel, maar ek het net 'n paar grepe daaruit geneem. Uit die geledere van die UDF is gesê wat "challenge" beteken. Dit is nie sporadiese aksie nie. Dit beteken om die staat aan te durf op soveel fronte as moontlik. Dit beteken om die staat se magte uit te sprei of te versprei en tegelykertyd hulle magte te versterk. Die staat moet frustreer word in die sin van funksionering. Twee doeleindes word nagestreef. Dit moet die staat se programme en die staatsorgane onwerkbaar maak, dit moet die staat isoleer. Dit is die massas, hulle noem dit dat die massas het die swart plaaslike besture in groot dele van die land oneffektief gemaak. 150 raadslede sou reeds bedank het, uit 34 rade funksioneer net 5. Dit is wat hulle toeskryf aan die sukses van die massas en van UDF. Die stryd van die organisasies moet uitgebrei word tot so 'n mate dat die staat nie staatstrukture op die massas kan afdwing nie en dan die volgende punt, die demokratiese liggame van die massas, "people's organisations", moet opgesit word om die staatstrukture te vervang. Dit is weer die alternatiewe strukture. Hierdie "people's organisations" moet dien as embrio's vir die "people's government". Waar swart plaaslike besture nie funksioneer nie moet organisasies die massas organiseer om beheer oor te neem en hulleself te regeer. Dit kan seersekerlik nie vreedsaam gebeur om al hierdie aspekte tot stand te bring en die regeringsgesag oor te neem in die gebiede nie. Nou BEWYSSTUK J.2, die laaste paragraaf veral, UDF het op die vergadering van 10 en 11

November / ..

November 1984 hierdie strategie volledig bespreek om hierdie dinge te verkry so dit is die beleid van die UDF. Nou BEWYSSTUK C.102 en C.106 en AAA.10, amptelik het UDF op die algemene vergadering in April direk oorgegaan na die tweede fase toe, sien veral BEWYSSTUK, beskuldigde 19 se verslag - BEWYSSTUK AAA.10 op bladsy 3. So hierdie tweede fase is beslis betree. Dit is as ek reg onthou op daardie BEWYSSTUK C.102 en al hierdie dokumente word gesê dat hulle het nou beweeg van protes na "challenge, from mobilisation to organisation". Nou ons betoog is dat volgens BEWYSSTUK V.15 op bladsye 22 tot 27 was UDF geaffilieerdes op hoogte van hierdie fase van die vryheidstryd, die tweede fase om die land onregeerbaar te maak en ons verwys weer na Cedric Kekane wat die massas aanstig om die staatsgesag oor te neem, tot burgerlike ongehoorsaamheid, dat hulle onbeheerbaar en onregeerbaar moet word; dat hulle moes deelneem aan rewolusie, die staatsgesag omverwerp en "people's government" totstandbring. BEWYSSTUK CA.45 is 'n dokument deur COSAS versprei en dit bevat dieselfde voorskrifte. Dit is deur die Oos-Kaapse streek van COSAS versprei. Hulle moes die massas mobiliseer en politiseer volgens die stuk. Hulle moet die vyand op alle terreine treiter op enige denkbare metode - dit sê ook 'n baie groot mondvol. Dit is nie "peaceful" metodes nie, maar enige denkbare metode. Hulle moet in die skole onbeheerbaar en onregeerbaar word. Burgerlike ongehoorsaamheid en verset moet hoogty vier. Nou BEWYSSTUK CA.38 op bladsy 5, dit is 'n Isizwe; dit is 'n dokument wat uitgegee word deur UDF, in Maart 1986 uitgegee. Hierin maak UDF aan die massas bekend die vordering in die vryheidstryd. Nou in die skole het leerlinge, ouers en

onderwysers / ..

onderwysers begin beheer oorneem oor onderwys. Hulle het plek ingeruim vir alternatiewe, progressiewe leerplanne. Selfs die leerplanne het al begin in vooruitsig stel om oor te neem. Hulle het begin beheer oorneem oor aanstellings en ontslag van onderwysers. Dit alles is deel van die ontwikkeling van "people's power" in onderwys. Nou wat hulle hier bereik het, het hulle bereik met opofferinge wat bloed geverg het. Hulle het verseker dat die regering volle beheer oor die skole verloor het en dit is wat gesê word, en die stryd gaan voort op hierdie front. Nou die vestiging van "people's power" in swart woongebiede. Dit word gekenmerk, die vestiging van "people's power" deur (1), die vernietiging van regeringstrukture, onder andere die swart plaaslike besture. En dit is vernietig deur massa-aksie en dit het geskied in verskeie gebiede waar daar "no-go areas" vir die polisie en die weermag was.

HOF: Tot watter mate kan u op die dokument staatmaak? Dit is in Maart 1986 en die beskuldigdes is al in hegtenis geneem in 1984/85.

MNR JACOBS: Met respek dié dokument is in die eerste instansie 'n dokument uitgereik deur UDF. In die tweede instansie, beskuldigdes het, al was hulle in hegtenis, was die getuienis, lede gebly van UDF ek aanvaar tot vandag toe nog. Die derde aspek is dat hierdie dokument gee 'n oorsig van dinge wat terug gebeur het, terugslaan in die verlede wat UDF is en wat hulle sê hulle bereik het. In 'n sameswering kan die een teen die ander gebruik word. As daar ingegaan word op die beginsels by 'n sameswering dan kan een persoon in 'n sameswering gebind word deur wat 'n ander persoon self doen selfs al weet hy nie daarvan nie. Maar op die basis

van / ..

van die kwessie van die tydperk van die klagstaat, net daarop alleen..

HOF: Wel, as 'n persoon, as een persoon in 'n sameswering 'n stuk geskiedenis vertel en die vertelling is nie ter bevordering van die sameswering nie, hoe kan 'n ander persoon in 'n sameswering daaraan verbonde wees?

MNR JACOBS: Op die basis van - ten minste op die basis van artikel 69 gaan op die alternatiewe klagte van terrorisme, sal die getuienis wees nie van 'n stuk geskiedenis nie maar getuienis van die inhoud daarvan en van feite wat gebeur het in die tyd van die klagstaat. Op daardie basis gaan getuienis wees, in daardie opsig teen die beskuldigdes. Ek mag miskien 'n probleem hê in die geval van die hoofaanklagte wat hierdie dokument spesifiek betref.

HOF: Ja.

MNR JACOBS: Maar ek dink ten opsigte van wat artikel 69 betref is die getuienis toelaatbaar, is hierdie dokument toelaatbaar en is die getuienis oor die inhoud daarvan en getuienis van die gebeure dat hulle in die verlede daarin geslaag het om hierdie dinge te doen. Dan ten minste op die basis van artikel 69, ek wil net hierdie deel van my argument klaarmaak, edele, ek is omtrent so te sê klaar, deur die vernietiging van swart plaaslike besture is dit gedoen deur massa-aksie op verskeie woongebiede waar "no-go areas" vir die polisie en vir die "army", weermag, ontstaan het klaarblyklik weens massageweld kan die polisie nie vrylik die misdade gaan ondersoek nie en in die woongebiede in die Karoo en in die Oos-Kaap, Grens en party Transvaalse woongebiede, ontwikkel straatkomitees, organisasies, organe van "people's power" in Cradock en hier het ons 'n

belangrike / ..

belangrike aansluiting dat ons het getuienis voor hierdie hof dat in Cradock het 'n verdedigingsgetuie getuig dat daar organe van "people's power" onstaan het, die straatkomitees; die areakomitees en die hoof bo-aan, CRADORA as die oorheersende en oorkoepelende liggaam in daardie gebied. In dié dokument word daar spesifiek ook verwys in bevestiging van die getuienis dat Cradock het onder leiding van Mathew Goniwe van CRADORA sewe sones daar totstand gebring, dat daar ook straatkomitees tot stand gekom het. In Port Elizabeth was straatkomitees, in Atteridgeville was straatkomitees en in Naledi het straatkomitees volgens hierdie bewysstuk tot stand gekom. Nou BEWYSSTUK CA.1, dit is op bladsy 12, dit is 'n UDF Update van November 1986 en met alle respek, dieselfde wat ek nou gesê het van die Isizwe wat nou net behandel is, geld dit ook in hierdie geval omdat hierdie dokument is uitgegee in November 1986. Ten minste ten aansien van artikel 69 en van die alternatiewe aanklagte is hierdie getuienis. Nou hiervolgens sê die UDF in 'n spesifieke UDF dokument, dat die massas het bewys dat hulle UDF leerstellings aanvaar het. Die massas het bewustheid dat die regering vernietig moet word en dat hulle die staatsgesag moet oorneem, ontwikkel. Die massas het oorlog verklaar teen die staat, dit is wat in die dokument gesê word en oorlog verklaar is seker iets baie erger as "peaceful change" wat nagestreef word. Nou op bladsy 13 van die dokument word daar gemeld dat UDF en sy trawante sterk "people's committees" ontwikkel het. Op bladsy 10A tot B word UDF se suksesse vir die drie jaar van hulle bestaan uiteengesit. Die eerste wat hulle sê is dat die kampanje teen swart plaaslike besture en die konstitusie, daaromtrent word gesê dat

die / ..

die massas wil meerderheidsregering hê. Dit is 'n sukses in dié opsig dat hulle politisering het gelei tot daar waar die massas sê hulle wil meerderheidsregering hê. Twee, die opstand in die Vaal word gereken as 'n sukses vir UDF en UDF beskou dit ook as die begin en die einde van die swart plaaslike besture. Nog 'n UDF sukses wat daar uiteengesit word is die ontstaan van die jeugkongresse of jeugorganisasies landswyd as deel van die vryheidstryd; die strydmagte van die UDF en UDF kampanjes. Nog 'n sukses vir die UDF was dat die jeug, werkers en ouers en ander sektore verenig het en saam die stryd aangepak het, dat hulle nou 'n gemeenskaplike doel het om maksimale eenheid te bou in die vryheidstryd en daarom bevestig UDF nogmaals hulle nasionale koördinerende rol in die stryd en om die leiding in die kampanjes te gee aan die massas en die geaffiliëerde organisasies. Die volgende een word daar gestel dat raadslede het bedank en dat UDF geaffiliëerdes het organe van "people's power" gestig om beheer oor te neem waar die raadslede bedank het en nog 'n sukses van die UDF is die stigting van straat- en areakomitees. 'n Sukses vir UDF is die sukses waardeur die regering in die onvermoë is, volgens die oordeel van UDF om "people's power" te stuit. Wat insiggewend is, is dat UDF se suksesse waarop hulle aanspraak maak niks met vreedsame proteste in gemeen het nie; die teendeel blyk eerder en dit is dat met gewelddadige metodes en intimidasie hierdie suksesse tot gevolg gehad het. Nou BEWYSSTUK CA.46, bladsy 1, volgens UDF is die opbou van "people's power" besonder belangrik. Dit verenig die massas vir dii stryd eerstens op die onderwysfront, die "people's education" wat verwesenlik kan en moet word. Die uitwissing van die apartheidsisteem. Met "people's

power / ..

power" het die inisiatief oorgegaan volgens UDF in die hande van die massas. Dit beteken dat die ANC in besonder aanvaar word as die primêre faktor in Suid-Afrika. Na die ANC word opgesien vir leiding en snaaks genoeg is dit nie UDF wat die vernaamste faktor en leierskap dan oorneem nie, dit word nou skielik die ANC, openlik gestel. Hulle het geslaag om toestande vir onregeerbaarheid te skep aan die Oos-Kaap en aan die Oos-Rand; dit word geëis as 'n sukses van die UDF. Onregeerbaarheid het uitgebrei en het die massas begin om hulself te regeer in verskeie woongebiede. Dit pas weer aan by die hele opset van UDF propaganda teen die regering en om die mag van die regering oor te neem. As teenvoeter vir die Suid-Afrikaanse polisie en Suid-Afrikaanse weermag was straat- en areakomitees gestig wat groot sukses vir hulle gebring het. Die vryheidstryd het meer en meer 'n nasionale karakter gekry, meer verenigde aksie op alle fronte soos onderwys en swart plaaslike besture. Dit word as 'n wins en as 'n sukses beskou vir UDF. Die slagspreuk "forward to people's power" - ek sal net hierdie een nog - die slagspreuk "forward to people's power" omdat die bewussyn meer en meer by die massas posgevat het dat hulle die regering kan oorneem. Dit is die belang van hierdie slagspreuk wat UDF aanvaar het. My aandag is gevestig daarop dit is reeds amper 13h00.

<u>DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE</u>

ook in daardie selfde laaste bewysstuk; dan sien ons ook C.99 bladsy 4 en bladsy 5; C.102, sekretariële verslag bladsy 8, paragraaf 8.1 en die Krish Rabahlal herdenkingsdiens wat op 25/02/85 gehou is het M J Naidoo gesê die massas word onder geen twyfel gelaat dat hulle 'n stryd voer aan die kant van die ANC en minstens dat die ANC nie hulle vyand is nie. Nou ons respekvolle betoog..

HOF: Ja, maar is u nie nou besig om dinge deurmekaar te gooi nie? Die Krish Rabahlal herdenkingsdiens, wat het dit met die UDF te doen?

MNR JACOBS: M J Naidoo is 'n persoon in diens van..

HOF: Nee, dit is so, hy is verbonde miskien aan die UDF op een of ander wyse maar was dit 'n amptelike geleentheid waarvoor 'n mens die UDF verantwoordelik kan hou?

MNR JACOBS: Dit is wat ons submissie is dat dit is 'n leier in die UDF wat hierdie boodskap of dit nou enige geleentheid is waar hy optree, dat hy altyd die boodskap van UDF uitdra.

HOF: Het hy gepraat as leier van die UDF? Is hy aangekondig as leier van die UDF?

MNR JACOBS: Ons sal net daardie dinges kry, ek het dit nie hier ingesit nie.

HOF: U kan maar later daarna terugkom maar ek het nie die indruk nie.

MNR JACOBS: Dit is ons betoog dan dat uit al die bewyse en bewysplase wat hierso voor die hof gelê is dat - en ek dink wat alreeds ook aangehaal is hiervoor, is daar hoegenaamd geen twyfel dat die strydmagte wat die UDF aanwend en wat hierdie massa as verenigde aksie moet toepas en die regering omver moet gooi, is die swart massas self. Ek dink dit kan nooit geargumenteer word in hierdie saak dat dit nie so

is / ..

is dat die massas is die mense wat die aksie moes oorneem nie. En die feit dat dit juis die massas is en nie die mense deur gesprekvoering nie maar die massas is wat op hul eie is, is alreeds 'n sterk aanduiding van die geweldadige aard van die vryheidstryd. Nou dit het alreeds ook geblyk uit die vorige dele wat ek behandel het maar nou die volgende subhofie wat ons het is dat dit is 'n magstryd. Dit is ons betoog dat die getuienis bewys het dat dit nie 'n stryd is vir burgerregte nie. Soos ons gesien het moes die massas aktief hierdie stryd voer teen 'n gemeenskaplike vyand; dat hulle die vyand fisies moes aandurf en vernietig en 'n regering van die massas tot stand bring. Dit opsigself bevestig alreeds 'n magstryd en dit word duidelik deur UDF en die mense verbonde aan UDF aan die massas oorgedra as 'n stryd tussen die twee kampe. Die eerste is aan die een kant die kant van die massas, die "people", en aan die ander kant die kant van die "enemy" en dit is die regering. Die massas se kant is gelyk aan 'n "people's struggle for power" en dit word gevind in BEWYSSTUK C.102, bladsy 17, paragraaf 8 en weer bevestig deur George Seoparsat in A.1, bladsy 4, dat die mense van Suid-Afrika vra nie veranderinge nie, deur hul aktiwiteite en stryd sal hulle Suid-Afrika verander maar "power will be in the hands of the people". Bladsy 38 van A.1 word hierdie selfde boodskap uitgedra deur Francis Bauer. Suid-Afrika gaan bevry word selfs teen die mense van die regering. Op bladsy 37 sê Frank Chikane die massas moet verenig om die sisteem te vernietig en 'n "government for the people" vorm waar die "people shall govern". In BEWYSSTUK AB.7, 'n COSAS persverklaring word daar gestel die regering en die raadslede moet aan hulle eise voldoen anderster

sterf / ..

sterf en word die alternatief ook weer - ons kom later by alternatief maar kyk net die alternatief hoe pragtig kom dit hier uit. Die regering en raadslede moet aa hulle eise voldoen anderste gaan hulle sterf. Nou hierdie getuienis is nie betwis of weerlê nie en daar is geen getuienis aangebied ten minste om dit te weerlê nie, of te verduidelik dan nie. Daardie Krish Rabahlal in BEWYSSTUK V.7 is hy voorgestel as ŉ spreker van Natal Indian Congress - a representative. Op bladsy 21 onder staan: "The next speaker is a representative of the Natal Indian Congress" en dit is ŉ geaffilieerde van UDF. Nou dit bring ons dan by die volgende subhofie wat ons genoem het kapitulasie. Ons argument is met alle respek dat die staat het bewys dat die UDF en sy trawante eis en sal alleen tevrede gestel word met totale kapitulasie deur die regering. Dat slegs kapitulasie kan ŉ bloedige geweldadige stryd tussen die regering en die massas afweer. Dan derdens reeds al in die voorgaande het dit al duidelik geword dat die massas fisies en aktief die stryd moet voer teen die gemeenskaplike vyand wat vernietig moet word om die staatsgesag en die regering oor te neem. Die getuienis was ook in hierdie saak deur beskuldigdes 19, 20 en 21 aangebied dat hulle ŉ nasionale konvensie voorstaan. Nou ons argument is dat dit blyk dat leiers ŉ strategie om aan te dring op ŉ nasionale konvensie tot die fynste besonderhede uitgewerk het, om sodoende die grootste politieke voordeel daaruit te kry. ŉ Spesiale dokument, ŉ UDF dokument is uitgereik en versprei onder hulle lede en dit is BEWYSSTUK C.18. Opvallend uit hierdie dokument op bladsy 6, paragraaf 3 word gesê dat UDF moet verstaan hoe ver hulle nog moet gaan en ook moet weet watter balans van magte nodig word voor

hulle / ..

hulle 'n werklike "people's constitution" kan optrek. Dit word bevestig dat besprekings van die nasionale konvensie in hulle geledere plaasgevind het; dat hulle in UDF en die geaffilieerde organisasies nou die politieke pas kan aangee en kan hulle hul eise, politieke eise en voorvereistes stel. Op bladsy 8 word nogmaals bevestig dat dit bespreek is onder die lede van die UDF en dat in UDF word daar sekere - en dit is belangrik - ononderhandelbare voorvereistes gestel vir 'n nasionale konvensie en ons wys net twee van hulle uit. Die ander is belangrik maar ek dink hierdie is twee kernvereistes. Die eerste een is die ontbinding en opskorting van die polisie en die weermag, die tweede is die opskorting van die grondwet en op bladsy 12 word in die dokument self gemeld dat die vraag het ontstaan as aan voorvereistes voldoen word waarom dan 'n nasionale konvensie en UDF se antwoord en dit haal ons aan op bladsy 19 van ons betoog - in kort kom dit daarop neer dat geen onderhandelinge met die regering gevoer word nie en dat hulle slegs totale kapitulasie eis. As die polisie en die weermag ontbind word verander die situasie drasties. Dit (die nasionale konvensie) sal nie onderhandel met Bothas en Oppenheimers nie en dit is 'n duidelike implikasie as Bothas en Oppenheimers genoem word, nie met die blankes nie of die leiers van die blankes nie. En die laaste punt stel dit duidelik dat daar nie onderhandel word met die blankes nie, hulle word in totaal uitgesluit. Nou in hierdie geval is daar beskuldigde nr.20 se liriese relaas wat hy hier in die hof gelewer het, wat direk in botsing is met hierdie beplanning. Nou die nasionale uitvoerende komitee van UDF, dit is die nek, het op 21 en 22 Julie 1984 in Bloemfontein vergader en het openlike en amptelike

status / ..

status aan die nasionale konvensie verleen. Die beginsels in BEWYSSTUK C.18 uiteengesit word hier bevestig deur die nasionale uitvoerende komitee want hulle sê dat die nasionale konvensie sal deur ekstra-parlementêre opposisie verkry word en dan 'n baie belangrike aspek weer is dat die massas wat georganiseer en gemobiliseer word so deur massa-aksie hierdie nasionale konvensie sal afdwing. Hulle stel ook weer twee voorwaardes en in hierdie geval word genoem hulle "minimum demands" en dit is weer eens 'n bevestiging van wat in die vorige BEWYSSTUK C.18 gesê is, opskorting van die konstitusie, ontwapening en ontbinding van die weermag en Suid-Afrikaanse polisie. Dan kry ons weer daardie twee en in hierdie dokument stel hulle ook dat hulle stel nie belang in onderhandelings nie. Dit is met respek weer eens duidelike bewys dat hulle 'n eis, duidelike eis stel vir die oorgawe van die regering en hierdie dokument is BEWYSSTUK H.1, op paragraaf 10. Nou dan as ek reg onthou was die getuienis dat hierdie dokument was uitgestuur aan die streke vir spoedige antwoorde en om terugvoering te verleen aan die UDF en dan kry ons dat die finale verslag word gegee en finale bekragtiging wat aan hierdie kwessie van kapitulasie, eis vir totale kapitulasie gegee word en oordrag van die staatsgesag aan die massas. Nou op bladsy 21 van die hoofde het ek daar 'n belangrike aanhaling wat ek uit hierdie dokument, C.102 maak waar dit voorkom. Dit is 'n eis vir direkte kapitulering of - en dan is weer 'n alternatief gestel - of daar gaan geweld wees. Hieruit vloei voort ook verder dat die enigste vrede wat daar kan wees kan slegs kom nadat die massas oorgeneem het. Soos ek dan sê die eise wat die algemene raad stel word dan daar uiteengesit, dit is die

"immediate / ..

"immediate demands as the beginning" en dit is ook belangrik - "as the beginning". Dan word ook vele van hulle genoem maar die twee wat ek wil uitsonder weer hierso is die skrapping van die konstitusie en ontbinding van die weermag en die Suid-Afrikaanse polisie. Nou hierdie nekbesluit wat nou hier gepropageer en wêreldkundig gemaak word is aanvaar en dit is 'n beleid van die UDF dan; dit is dat die massas georganiseer en gemobiliseer word om die staat aan te pak en dat hulle "immediate demands" dan as daaraan nie voldoen word nie, dat die massas dan die mense is wat dit teweeg kan bring. Die feit dat dit "immediate demands" is, met ander woorde die begin, dat voordat daardie"immediate demands" aan voldoen is, is UDF glad nie bereid tot gesprekvoering met die regering nie en sal slegs met die regering gekommunikeer word as staatsgesag oorgedra word na die nasionale konvensie toe. Nou my respekvolle betoog is dat hierdie gedagte, as ek net 'n oomblik hierby kan stilstaan, begin dan by C.18 waar dit bespreek was vir argumentshalwe sê in die binnekringe van die UDF en dit is die notule daarvan en wat toe versprei is onder die mense. Toe is daardie selfde eise, dieselfde beginsels van geen gesprekvoering vooraf - spesifieke eise is gevoer na die nasionale uitvoerende komitee van die UDF en dit is toe gevoer na die algemene vergadering van die UDF - maar in al die gevalle bly die eise en die vereistes basies dieselfde en is dit duidelik gestel: geen gesprekvoering tensy julle aan ons eise voldoen nie. Nou om verder te gaan om verdere bevestiging van UDF se standpunt te verkry oor "peaceful change", dit word altyd gekoppel aan 'n voorwaarde. Dit is altyd kapituleer, doen dit - ons het gesien, ek het netnou

terloops / ..

terloops verwys na die pragtige voorbeeld van COSAS wat gesê het: voldoen aan ons eise of dra die gevolge. Nou hier is dieselfde weer. UDF stel dit hierso: voldoen aan ons eise, kapituleer ôf - en die ôf is altyd gekoppel aan geweld. Nou in BEWYSSTUK C.109 pagina 2 onder paragraaf (b) word daarso uiteengesit dat die regering moet nie voorwaardes vir onderhandeling stel nie. Die ANC moet deelneem aan die onderhandelings. Dit is 'n duidelike bewys dat UDF wil nie teen die ANC gaan nie, maar die ANC is aan hulle kant. Nou die beginsel van geen onderhandeling nie was ook wyd aanvaar deur die geaffiliëerdes van UDF en die eerste waarna ek verwys is BEWYSSTUK V.15 op bladsye 23 en 24. Daar is wat Cedric Kekana van SAYO daar sê, bevestiging dat die UDF se beleid soos wat ek reeds voorheen behandel het, geen onderhandelings met die "enemy" nie, vernietiging van die sisteem "seizure" - gryp van gesag. Edele, "seizure" is 'n sterk woord wat gebruik word, dit impliseer met ander woorde geweld, jy moet dit gryp. Dit is nie 'n kwessie van onderhandeling nie, dit is gryp van "power". Dit is 'n geweldadige magsoorname, hulle sal 'n eie regering aan bewind stel en hierdie uitdruklike boodskap vlek die leuens wat beskuldigdes 19 en 20 in hul getuienis verkondig oor onderhandelinge vir 'n nasionale konvensie en 'n vreedsame verandering tot op die been oop want dit is die leiding wat aan die massas gegee word, dit is op 'n massavergadering wat hierdie dinge gesê word. Dit is die verenigde aksie en die vryheidstryd waaraan hulle aktief moet gaan deelneem. Dit is wat gesê word aan die massas: dit is die stryd waaraan julle moet deelneem. In die openbaar word nie al UDF se eise vir die nasionale konvensie geopenbaar nie. U sal onthou dat hier is

verwys / ..

verwys na sekere briewe en sekere dinge wat beskuldigde nr.20 sou gedoen het omtrent hierdie geval, maar daar was altyd net drie gewees en dit het altyd te doen gehad met die politieke prisoniere en so aan, maar daar is nooit in al hierdie getuienis wat wat voor die hof geplaas is, sal jy een kry waar dit in die openbaar, in 'n persverklaring of waar ookal, gesê dat dit die eis is dat die regering moet kapituleer en die grondwet word afgeskaf, of dat die verdedigingsmagte en polisiemag ontbind en ontwapen word nie. Dit word nooit gesê nie en ons respekvolle betoog is dat dit is nie gedoen nie juis as 'n oëverblindery en om 'n mooi beeld uit te dra aan die wêreld, die massas en aan die mense wat hulle aan hulle kant wil kry om hulle te ondersteun en om hulle onder 'n wanindruk te bring. Ek sien ek gaan nou na die volgende punt, dit is punt 6, die ultimatim onder ons hofies. Ek sien dit is alreeds...

HOF: Ja, ons sal nou die verdaging neem.

DIE HOF VERDAAG VIR TEE / DIE HOF HERVAT

MR CHASKALSON: The compromise seems satisfactory, that the documents are made available by the state. The accused will endeavour to read it and those who do not understand will find out what it means. The discussions which are not recorded will be translated - that will be helpful. As far as the record is concerned, we would like to have it recorded.

COURT: You would like to have it typed.

MR CHASKALSON: Well, I understand that that has been discussed with the attorneys. We certainly would like it recorded and if we can only have it recorded if it is typed we would like it recorded and typed. I understand the

attorneys have discussed it with the..

COURT: Well, if you want to have it recorded it has to be recorded and that is the end of the matter.

MR CHASKALSON: As your lordship pleases.

HOF: U moet bly sit, asseblief (aan operatrise).

MNR JACOBS: Die volgende subhofie wat ons behandel spesifiek hoewel daar al voorheen daarna verwys was, is dat daar ŉ ultimatum aan die staat gestel word en dit is ons respekvolle betoog dat die staat bo enige twyfel bewys het dat die UDF en hulle trawante ŉ ultimatum aan die regering stel. Dit kom daarop neer: dra die staatsgesag en die regering oor aan die massas, anders gaan die gevolge geweldadige bloedvergieting wees. In BEWYSSTUK C.102 op bladsy 6 kry ons ŉ aanhaling wat dit bevestig. Dan in BEWYSSTUK AB.7, dit is die COSAS persverklaring waarin hulle sê: "But the call still remains: adept or die. Meet our demands or face the wrath of the people". Boesak bevestig ook hierdie selfde sienswyse, edele, in BEWYSSTUK V.6 op bladsy 25 waar hy dit stel: voldoen aan ons ultimatum anders gaan daar geen vrede wees nie en sal "killing our children and our people on the streets" voortgaan in die sogenaamde vryheidstryd. In BEWYSSTUK V.15, bladsye 23 tot 24 het Cedric Kekana dit duidelik gemaak dat die staatsgesag moet aan hulle oorgedra word anders gaan daar geweldpleging en bloedvergieting volg. In BEWYSSTUK V.72, bladsy 5 (bespreking weg van mikrofoon) - ekskuus, edele. Op W.72, ek verstaan ek het gesê V.72, dit is W.72, bladsy 5 in die sekretariële verslag van COAC, ŉ UDF geaffilëerde op die derde jaarvergadering gelewer, word daar gesê die massa se boodskap aan die regering: die massa sal regeer en sal met niks

minder / ..

minder as dit tevrede wees nie. In BEWYSSTUK AA.4, SASPU National se redaksionele kommentaar: as die regering die eise van die Freedom Charter ignoreer dan sal daar 'n herhaling van die geweldpleging van 1984 wees. BEWYSSTUK V.17 op bladsye 31 en 32 waar Mewaramgobin, dit is 'n man van TEAC en ook 'n belangrike leier in UDF op 'n openbare vergadering die ultimatum stel dat totdat die regering toegee aan hulle eise sal hulle "never stop to engage apartheid in battle". So my respekvolle submissie is dat ons het net 'n paar voorbeeld genoem maar dit is voldoende om te bewys dat daar is duidelik 'n ultimatum gestel aan die regering dat daar aan hulle eise voldoen moet word anderste sal die geweldpleging voortgaan en vererger. Nou die volgende hofie wat ons dan het is dan voorsien geweld. Dit is sover al baie duidelik dat daar in die geledere van die UDF word aanvaar en verkondig dat as die regering nie aan hulle eise voldoen nie gaan daar geweldpleging ongetwyfeld toeneem. Nou in volle besef hiervan word die massas met hewiger intensiteit gemobiliseer en aangestig om die regering te vernietig en hul eie regering te vestig. Dit vanself is volgens ons respekvolle betoog reeds al bewys van die geweldadige aard van die vryheidstryd. Nou in BEWYSSTUK C.105 op bladsy 1 bevestig UDF en sê hulle daar dat hulle het die regering gewaarsku dat die implementering van 'n nuwe konstitusie "would lead our country to violence and bloodshed" en die gevolge was 'n politiese krisis. Nou dit is ons respekvolle betoog dat die leierskap van die UDF die massas gedurig voorberei om aan die stryd deel te neem en om offers van lewensverlies, lyding en bloedvergieting te maak ten einde die staat se gesag omver te werp. Nooit

was / ..

was die massa ingelig dat met die regering onderhandel sou word nie. Dit is tewens duidelik soos daar alreeds onder die vorige hoofde uitgewys is dat onderhandelinge met die regering is toetentaal uitgesluit en verwerp. Die massa word geskool dat hulle, die massa, deur aktiewe verenigde aksies self die regering moet vernietig en die gesag oorneem en 'n "people's government" totstandbring. Nou BEWYSSTUK V.7, bladsy 36, dit is weer die Krish Rabahlal herdenkingsdiens, het Victoria Ngenge van UDF Natal die massas aangesê dat in die stryd sal hulle moet hulle lewens opoffer. In V.25 op bladsy 45, dit is die stigtingsvergadering van SOYCO op 31 Julie 1983, het Oscar Mpeta, 'n president van UDF aan die jeug gesê hulle moet bereid wees om tronk toe te gaan terwille van die vryheidstryd. In BEWYSSTUK V.25 op bladsy 54 het Shlongaliso Mkatswa, dit is ook 'n persoon in die leiding van die UDF gesê dat hy waarsku die massas dat die vryheidstryd nie 'n grap is nie. Dit gaan oor lewe en dood. In BEWYSSTUK V.1 op bladsy 19 en ook in BEWYSSTUK A.1, bladsy 4 oor die UDF-stigting het Samsom Ndau gesê en hy het die 1976 jeugdiges aan die massa voorgehou as 'n voorbeeld vir hulle en uitgewys dat hulle het gesê hulle sterf eerder vegtende vir vryheid as om passief te leef as slawe. BEWYSSTUK V.10 op bladsy 13, dit is 'n herdenkingsdiens van 16 Junie 1984, het Dan Montsitsi ook 'n UDF-man gesê: moedig die massas aan om die veroordeelde ANC terroris na te volg wat 'n geweer gaan bekom het om die regering te beveg. BEWYSSTUK V.11 op bladsy 4, dit is die AZASO-kongres van 28 en 29 Junie 1984, het Kate Ngweni ook ernstige dinge tot die massa gerig. Sy oorreed en berei hulle voor om in die vryheidstryd opofferinge te bring,

te / ..

te sterf vir die vryheidstryd, om hulle bloed te vergiet in die vryheidstryd; dat hulle bereid moet wees om te sterf in die vryheidstryd om vryheid te bewerkstellig. Dit is wat aan die massas oorgedra word en dit is soos die gewone man wat daar in die vergadering sit dit verstaan. Dan BEWYSSTUK V.11 op bladsy 5 het Benedicta Monama ook geen twyfel gelaat nie en sy laat ook die massas onder geen illusies nie. Daar sal geen vrede wees nie, veranderinge sal kom deur rewolusie en die woord wat sy gebruik is die totale omverwerping van die regering. In dieselfde bewysstuk, BEWYSSTUK V.11 op bladsy 16 het Amanda Kwadi, ook 'n groot gees in die UDF geen twyfel gelaat by die massas wat op daardie vergadering was nie, hulle word voorberei op daardie vergadering dat hulle die regering en regeringinstellings sal moet vernietig. BEWYSSTUK V.15, bladsye 25 tot 27, dit is die UDF Youth Rally op 21/07/84, dit is weer Cedric Kekana se storie; hy is van SOYCO - SAAYO, dit is die Saulsville/Atteridgeville Youth Organisation, dit is nog een van die plekke wat nog behandel sal word waar geweld uitgebreek het - hy was ook 'n lid van die UDF se Education Charter Committee. Nou hy bereid die massas voor op daardie vergadering en stig hulle aan eerstens dat hulle hulself moet assosieer met die ANC en ANC leiers, hulle "comrades" Mandela, Tambo en Goldberg; tweedens dat hulle deel is van 'n gewelddadige rewolusie en veg vir vryheid. Dat die staat hulle vyand is teen wie hulle veg en wat hulle moet vernietig; dat hulle ook ander regeringsliggame moet vernietig. Dit is spesifiek verwysende na swart plaaslike besture; dat hulle onbeheerbaar moet word; hulle moet die regering en die land onregeerbaar maak; die vryheidstryd noem hy en hy sê dit

pertinent / ..

pertinent dit is 'n oorlog. In BEWYSSTUK V.3 op bladsy 18, dit is 'n UDF/AZASO protesvergadering van 03/11/83 het Oupa Monareng die SOYCO president ook geen twyfel gelaat by die massas nie. Hy het die massas voorberei en aangestig om aan die rewolusie deel te neem. Hulle moet die vyand aanval en vernietig afgesien van kleur. Hoe mens vreedsaam 'n vyand gaan aanval en vernietig kan ek nie verstaan nie. BEWYSSTUK V.3 op bladsy 24, daar het Tigho Moseneke van AZASO ook seker gemaak dat die massas verstaan wat bedoel word. Hy maak seker dat hulle verstaan dat die sisteem moet vernietig word fisies en geweldadig want ook individue moet vernietig word. BEWYSSTUK AG.2, 'n "Statement on the Release of Mandela" - beskuldigde 20 stel UDF se standpunt en beleid: (1), die regering moet kapituleer anders gaan konflik baie vererger en die "conflict" wat baie gaan vererger kan sekerlik nie vreedsaam wees nie. Ekskuus, hierdie is AG.20 en nie 2 nie. Hy bepleit, beskuldigde bepleit dan die saak van die ANC; aan die ANC moet status verleen word as deel van die onderhandelingsproses en dan in AG.20 die laaste paragraaf ten aansien van ene Bertie het beskuldig-de 20 gesê dat UDF gee die leiding - gee hy UDF leiding en
K1450 stig die mense aan tot geweld. Bertie het - hy sê Bertie het hulle geleer hoe om te veg. Namens UDF stig hy die mense aan om "freedom fighters" te wees en dit kan nie betwyfel word dat in die konteks van Suid-Afrika is "freedom fighters" niks anders as terroriste nie. Dit is die algemene wat hulle probeer doen, om in plaas van terroriste die mense te laat identifiseer as "freedom fighters". En die voorbeeld wat hy daar gebruik is in elk geval, hierdie Bertie was ses jaar in Robbeneiland ook gewees. Dan die volgende hofie

wat / ..

wat ons behandel wat uit die geledere van die dokumente van UDF duidelik uitkom is dat hulle besef dat die staat nie sal kapituleer nie. Nou al die getuienis tot sover uitgelig tenspyte staan een kardinale feit uit soos 'n paal bo water en dit is dat die regering sal nie kapituleer nie. UDF en die samesweerders het dit aanvaar en maak seker dat die massas deelneem aan die vryheidstryd in die volle besef dat die regering nie sal kapituleer nie. Nogtans is dit ons betoog dat UDF met die besef dat die regering nie sal instem en aan hulle eise voldoen nie, gaan hulle voort om die massas doelgerig te organiseer en te mobiliseer en te politiseer sodat hulle, dit is die massa, aktief aan die verenigde aksie moet deelneem om die regering en regeringsliggame te vernietig. Vanselfsprekend die feit dat die massa self, die man in die straat, daarso moet gaan verenig en optree kan net geweld beteken. Die verenigde aksie wat daar was tot op die stadium van vandag toe nog het op grootskaalse geweld oor die hele land uitgeloop. Dit is gemene saak is ons betoog dat UDF deklarasie vorm die basis vir UDF en die UDF trawante se bestaan, se beleid, beplanning en organisering. Die basiese uitgangspunt bepaal in die deklarasie dat UDF rekening hou met die feit dat die regering nie gehoor sal gee aan die eise van die UDF en sy trawante nie. Nogtans onderneem die UDF in die deklarasie om alle toekomstige massa-aksie te beplan en uit te voer vir die verkryging van hul vryheid - dit is verkryging van mag om die land te regeer. UDF onderneem om die massas te organiseer, te mobiliseer en te lei na die verenigde massa-aksie. UDF onderneem om die massas te organiseer, en te mobiliseer en te politiseer deur gebruik te maak van knelpunte. 'n

Aantal van die knelpunte is geïdentifiseer en op die stigtingsvergadering aanvaar as resolusies. Baie belangrik is dat ons in gedagte moet hou en kan ek miskien op hierdie stadium sê dat die staat betwis nie dat hierdie knelpunte voorheen bestaan het nie, dat dit selfs voorheen deur ander organisasies opgeneem was nie maar dit is die belangrike verskil, die groot verskil tussen die staat en die verdediging is eerstens voorheen was dit ongeorganiseerde, individuele pogings op 'n los ongekoördineerde basis gedoen. Tweedens, die ANC het opdrag gegee dat hierdie knelpunte op 'n georganiseerde landwye basis gebruik word om die massas te mobiliseer, te organiseer en te politiseer om op 'n nasionale vlak oor te gaan tot aktiewe verenigde aksie om die regering te vernietig, 'n "people's" regering te vestig volgens die Freedom Charter. Nou die ANC het ook voorgeskryf daar moet 'n verenigde front-organisasie gestig word om die massas op 'n nasionale vlak te lei en te koördineer in die uitvoering van die vryheidstryd. Nou UDF het die knelpunte aanvaar om dit te gebruik en die massas op nasionale vlak te mobiliseer, organiseer en politiseer. Om hulle dan verder te lei en te koördineer in aktiewe verenigde aksie om die regering te vernietig en die "people's government" volgens die Freedom Charter tot stand te bring. Dan verwys ek weer na BEWYSSTUK A.1, bladsy 38 waar Frances Baad, 'n beskermvrou van UDF die volgende sê, sy het die massas daarso en sy dra dit oor aan die massas dat die UDF die massas gaan bevry wat die regering ookal daarvan gaan sê en doen; UDF gaan hulle bevry. Dan BEWYSSTUK W.13 op bladsy 4, 'n dokument met die opskrif: "UDF - The Challenge", en hier sit UDF en AZASO en hulle propageer en maak bekend dat die regering sal nie toegee

aan / ..

aan hulle eise nie. Daar is 'n belangrike aanhaling wat ek daar op bladsy 41 van die betoog het. Dan BEWYSSTUK C.75, bladsye 6 en 7, dit is NIC, ook 'n geaffilieerde - as die goed nou gelees word sal ek hom - sal NIC voldoende wees of moet ek dit maar uitspreek as N-I-C.

HOF: Nee, u kan maar NIC sê as u wil. Solank u nie na die mag van die duisternis verwys nie.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Nou NIC beklemtoon dat die regering nie sal toegee aan hul eise nie. BEWYSSTUK AL.55 bladsye 8 tot 10, maak UDF in hierdie dokument ook seker dat sy aktiviste in die veld goed besef dat hulle hul aktiwiteite uitvoer wetende dat die regering nie sal kapituleer nie en UDF beklemtoon hul enigste wapen is die verenigde massas. Ek haal daar ook 'n baie belangrike deel uit die dokument aan op bladsy 42. Nou dit het ookal uit die vorige stukke wat ek aangehaal het voorgekom. Ek dink die voorbeelde wat ons tot hier genoem het is meer as voldoende, plus die ander wat ook by die ander inval met dieselfde ding waar gesê word dat die regering sal nie aan hul eise toegee nie. Dat dit voldoende is om ons punt baie sterk en stewig te bewys. Nou die volgende hoof wat ons dan het wat aansluit by al die ander is dat die beplanning, koördinasie en bevordering van die vryheidstryd die taak is wat die ANC soos ek voorheen geargumenteer het, opgedrag het dat hulle sekere dinge moes doen en dit is wat die UDF nou uitvoer. Nou dit is ons betoog dat die getuienis voor hierdie hof wys onweerlegbaar dat die leiers van UDF en geaffilieerdes se vernaamste taak is die beplanning, koördinasie en bevordering van die vryheidstryd en om die massas aktief daarby te betrek. Dit blyk alreeds uit die voorgaande aangehaalde getuienis.

hierdie / ..

Hierdie aspek moet veral ook oorweeg word met inagneming van drie baie belangrike feite. Die eerste is dan UDF se aanvaarde en verklaarde beleid van geen gesprekvoering met die regering nie. Die tweede is dat hulle primêre doel is die magsoorname en ŉ regering van die massas volgens die Freedom Charter. Die derde is dat die regering nie sal kapituleer ingevolge hul eise en die staatsgesag aan hulle oordra nie. Nou ek verwys na BEWYSSTUK C.1. Daarin bevestig UDF dat hulle moet beplan vir die toekoms. UDF moet organisasies bou; UDF moet al die magte wat deelneem aan die stryd verenig in duidelike waarneembare verenigde aksie in Suid-Afrika. BEWYSSTUK C.38 op bladsy 9, dit is UDF Western Cape, Annual General Meeting, Secretarial Report, part 1: Overview of Work Done. Nou volgens hierdie dokument is dit duidelik dat UDF moet aan die massas ŉ positiewe alternatiewe regering waarna hulle streef propageer. UDF moet hul winste uit die politisering van die massas verdiep - het ek gesê 38? Dit is 138, ek is jammer. UDF moet verseker dat elke geaffilieërde ŉ rol het om te vervul. UDF moet verseker dat ŉ voortdurende koördinerende rol vervul word deur hulle; UDF moet verseker dat kampanjes bedryf word teen aansien van primêre vraagstukke en dit word genoem: verpligte verskuiwings, lewenskoste, werkloosheid, die internasionale jeugjaar en die Freedom Charter. Dan op bladsy 12 van dieselfde dokument, streke van UDF se lewensbelangrike taak is as uitvoerende arm van die UDF. Streke van UDF betrek kleinere organisasies en individue in UDF take; streke van UDF doen praktiese koördinasie van aktiwiteite tussen geaffilieërdes op ŉ plaaslike vlak; streke van UDF is direkte strukture; streeksalgemene rade en uitvoerende besture van streke en sub-

streke / ..

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-K1-2-425**
*Document Title:-* **Vol.425**